

1134426

DIE FONOLOGIESE SISTEEM

VAN HANANWA

deur

ALBERT EWALD KOTZÉ

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in die vak

Afrikatale

aan die Universiteit van Suid-Afrika

Studieleier : Prof L J Louwrens

Medestudieleier : Prof D P Lombard

Datum van inlewering : Junie 1987



011344266

ERKENNING

Geldelike bystand gelewer deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die publikasie van hierdie werk word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrakkings waartoe geraak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing nie.

Ek spreek hiermee my hartlike dank uit teenoor die volgende persone en instansies sonder wie hierdie projek nie uitgevoer sou kon word nie:

Prof L J Louwrens, wie se bydrae in die veldwerkstadium van die navorsingsprojek veel groter was as myne vanweë sy insig, deursettingsvermoë en uitstekende diplomacie. Die wyse waarop en tempo waarteen hy kan werk asook sy bereidwilligheid om enige tyd te gesels oor probleme, bly my by.

Prof D P Lombard, wat veral in die finale stadium van die studie bereid was om te midde van 'n uiters druk program uit sy pad te gaan om gedagtes te wissel, wenke te gee en insig te verbreed. Sy begrip en kennis van die fonetiek en fonologie stel 'n uitdaging aan my.

Kaptein Colin Lebogo ("Mmalebogo") van Blouberg en sy raadgewers, wat bereid was om vreemdelinge gasvry in hulle gebied te ontvang en informanté beskikbaar te stel.

Kaptein Kibi Lebogo van Raditšhaba en sy raadgewers, vir hul belangstelling in die projek en die beskikbaarstelling van informanté.

Kaptein Samson Tauyatswana, vir toestemming om opnames onder die Babirwa te maak.

Mnr Rapetsoa van die magistraatskantoor op Bochum, sonder wie toestemming om Blouberg te bestyg waarskynlik nie moontlik sou wees nie.

Alle informanté wat, ten spyte van hul hoë ouerdom, bereid was om ure lank vir dae aaneen te konsentreer en desondanks altyd gereed was om te lag. Dit is my wens dat my weergawe van dit wat ek van hulle ontvang het, hulle goedkeuring sou wegdra.

Lede van die afdeling Etnologiese Dienste van die destydse Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir hulle hulp en bereidwilligheid om my insae te gee in departementele dokumente.

Mnr P K Hüslер van die Universiteit van Suid-Afrika se Departement vir Onderrigtegnologie vir apparate en toerusting wat altyd in 'n goeie werkende toestand was asook vir sy aanvanklike bystand toe die bandopnamemasjien en die spektrograaf te veel knoppies gehad het.

Mev P A van Putten, wat onder groot druk moeilike tikwerk maklik laat lyk het.

Juf S K Roos van die SANLAM Biblioteek wat uit haar pad gegaan het om boeke aan te dra toe die legkaart nie mooi in mekaar wou pas nie.

Juf E Kruger van die Universiteit van Suid-Afrika se Departement vir Onderrigtegnologie, vir haar bydrae wat die grafiese versorging van die verhandeling betref.

Familielede, vriende en kollegas vir hulle belangstelling en aanmoediging.

My ouers vir hulle belangstelling en aanmoediging.

My vrou, vir haar motivering en hulp, veral toe daar te veel werk vir te min ure was.

My Skepper: "Dit is die Here wat die wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig"

(Spreuke 2: 6).

DIE FONOLOGIESE SISTEEM VAN HANANWA

OPSOMMING

Kennis van en insig in die ontwikkeling van 'n taal waarvoor daar relatief gesproke karige geskrewe historiese bronne beskikbaar is, kan alleenlik verbreed word deur op die sinchroniese vlak vergelykend te werk te gaan. Die postulering van Pre-Sotho sal uiteindelik slegs moontlik wees indien soveel as moontlik kennis van die verskillende Sotho-dialekte beskikbaar is. Hierdie studie is bedoel as 'n bydrae op hierdie gebied.

Daar word hoofsaaklik vergelykend te werk gegaan: die fonologiese systeem van Hananwa met inbegrip van alle geïdentifiseerde fone word beskryf, en verskille met Standaard Noord-Sotho word op die fonetiese vlak uitgewys. Verder word die fonologiese prosesse wat in Hananwa voorkom, beskryf in terme van die fonologiese omgewings waarin elke proses aangetref word. Verskille met Standaard Noord-Sotho, asook redes vir die verskille, word telkens na die bespreking van 'n bepaalde fonologiese proses uitgewys. Alle Oer-Bantoe-foneemkombinasies waarvoor Hananwareflekse gevind is, word aangehaal.

SUMMARY

Knowledge of and insight into the development of a language of which relatively little written historical sources are available, can only be furthered by comparative study on the synchronic level. Postulating Pre-Sotho will eventually only be possible when as much knowledge as possible regarding the different Sotho dialects had been gathered. This study is intended as a contribution to this field.

The approach is mainly comparative: the phonological system of Hananwa including all identified phones is described, while attention is drawn to differences with Standard Northern Sotho on the phonetic level. All phonological processes found in Hananwa are described in terms of the phonological environments in which these processes operate. Differences with Standard Northern Sotho as well as reasons for these differences are systematically observed after the discussion of each phonological process. All Ur-Bantu phoneme combinations of which Hananwa reflexes could be found, are quoted.

INHOUD

HOOFSTUK 1

INLEIDING	1
1.1 DIE BAHANANWA - 'n HISTORIESE OORSIG	1
1.2 LINGUISTIESE OORSIG	4
1.3 BESTAANDE BRONNE OOR BAHANWA	6
1.4 VELDWERKTEGNIEK	11
1.5 VERWERKING EN AANBIEDING VAN DATA	12
1.5.1 Aard en doel van die studie	12
1.5.2 Fonetiese data: beskrywing en klassifikasie van spraakklanke	13
1.5.3 Benadering tot die fonetiek en die fonologie	18
1.5.4 Benadering tot die beskrywing van fonologiese prosesse	18
1.5.5 Suprasegmentele fonologie	19
1.5.6 Ortografieë	19
1.5.7 Afkortings	21
1.5.8 Organisasie van hoofstukke	21
BYLAAG TOT HOOFSTUK 1	22
Figuur 1.1	22
Figuur 1.2	23

HOOFSTUK 2

SINCHRONIESE FONOLOGIE	24
2.1 VOKAALFONEME	24
(a) Die foneem H. /i/	24
(b) Die foneem H. /l/	25
(c) Die foneem H. /ɛ/	25
(d) Die foneem H. /a/	26
(e) Die foneem H. /ɔ/	26

(f)	Die foneem H. /ə/	27
(g)	Die foneem H. /u/	28
(h)	Gefluisterde allofone	28
2.2	HALFVOKAALFONEME	28
(a)	Die foneem H. /h/	28
(b)	Die foneem H. /w/	29
(c)	Die foneem H. /j/	29
2.3	VOKAALKAARTE	29
2.4	OPSOMMING : HANANWA VOKAALFONEME EN VARIANTE	29
2.5	PRAKTIESE ORTOGRAFIE	30
2.6	KONSONANTFONEME	30
2.6.1	Fonetiese ortografie	30
2.6.2	Beskrywing van konsonante	31
2.6.2.1	Die kenmerke "lenis" en "fortis"	31
2.6.3	Sluitklanke	33
(a)	Die foneem H. /k/	33
(b)	Die foneem H. /kʰ/	34
(c)	Die foneem H. /kxʰ/	34
(d)	Die foneem H. /t/	35
(e)	Die foneem H. /tʰ/	35
(f)	Die foneem H. /tʂ/	35
(g)	Die foneem H. /tʂʰ/	37
(h)	Die foneem H. /ʈʂ/	37
(i)	Die foneem H. /dʐ/	38
(j)	Die foneem H. /dʐʰ/	38
(k)	Die foneem H. /dʒs/	38
(l)	Die foneem H. /dʒʰs/	39
(m)	Die foneem H. /dʒ/	39
(n)	Die foneem H. /p/	40
(o)	Die foneem H. /pʰ/	41
(p)	Die foneem H. /pʃʰ/	42
2.6.4	Vernouingsklanke	43
(a)	Die foon H. [x]	43
(b)	Die foneem H. /s/	43
(c)	Die foneem H. /ʃ/	44
(d)	Die foneem H. /z/	44
(e)	Die foneem H. /ʒ/	45

(f)	Die foneem H. /ɸ/	46
(g)	Die koepelfoneem H. {N}	47
(h)	Die foneem H. /n/	50
(i)	Die foneem H. /ŋ/	50
(j)	Die foneem H. /ɲ/	50
(k)	Die foneem H. /ɳ/	51
(l)	Die foneem H. /m/	51
(m)	Die foneem H. /l/	51
(n)	Die foneem H. [ɳ]	52
2.6.5	Onderbrekingsklanke	52
(a)	Die foneem H. /r/	52
(b)	Die foneem H. [ɿ]	53
(c)	Die foneem H. [ɬ̥]	53
2.7	KONSONANTTABELLE	54
BYLAAG TOT HOOFSTUK 2		55
Figuur 2.1		55
Figuur 2.2		55
Figuur 2.3		56
Figuur 2.4		56
Figuur 2.5		56
Figuur 2.6		57
Figuur 2.7		57
Figuur 2.8		58
Figuur 2.9		58
Figuur 2.10		59
Figuur 2.11		59
Figuur 2.12		60
Figuur 2.13		60
Figuur 2.14		61
Figuur 2.15		62
VOETNOTAS		63
HOOFSTUK 3		
FONOLOGIESE PROSESSE		64
3.1	ALVEOLARISASIE	65

(a)	/ɛ/	→	/s/	65
(b)	/j/	→	/s/	66
(c)	/p/	→	/tʃ/	66
(d)	/β/	→	/dʒ/	67
(e)	/β/	→	/tʃ/ + /w/	67
(f)	/ɸ/	→	/tʃ/ + /w/	68
(g)	[l ^J]	→	[l]	68
3.2	ASSIMILASIE			69
3.3	DISSIMILASIE			70
3.4	ELISIE			70
3.4.1	Vokaalelisie			70
(a)	/ə/	→	/∅/	70
(b)	/i/	→	/∅/	71
(c)	/ə/	→	/∅/	72
3.4.2	Konsonantelisie			72
3.5	GLYERVORMING			73
3.5.1	Intervokaliese glyervorming			74
(a)	/u/	→	/w/	74
(b)	/ə/	→	/w/	74
(c)	/ɔ/	→	/w/	74
(d)	/i/	→	/j/	74
(e)	/l/	→	/j/	74
(f)	/ɛ/	→	/j/	74
3.5.2	Nie-intervokaliese glyervorming			74
(a)	/u/	→	/w/	74
(b)	/ə/	→	/w/	74
(c)	/ɔ/	→	/w/	75
(d)	/i/	→	/j/	75
(e)	/l/	→	/j/	75
(f)	/ɛ/	→	/j/	75
3.6	HOMORGANIESE NASAALREALISASIE			75
(a)	{N} realiseer as [h]			76
(b)	{N} realiseer as [m]			76
(c)	{N} realiseer as [n]			76
(d)	{N} realiseer as [ŋ]			76
(e)	{N} realiseer as [b]			77

(f)	{N} realiseer as [ʃ]	77
(g)	{N} realiseer as [ʒ]	77
3.7	LABIALISASIE	78
3.8	METATESIS	78
3.8.1	Onvoorspelbare metatesis	79
3.8.2	Voorspelbare metatesis	79
3.9	NASAALVORMING	80
(a)	/β/ → /m/	80
(b)	/l/ → /n/	80
3.10	OKKLUSIVERING	81
(a)	/β/ → /p/	81
(b)	/Φ/ → /p ^h /	82
(c)	/l/ → /d ^z /	82
(d)	/r/ → /t ^{sh} /	82
(e)	/s/ → /t̪sh/, /t̪ʃh/	82
(f)	/n/ → /k ^{χh} /	82
(g)	/ʃ/ → /t̪ʃh/	82
(h)	/v/ → /k ^v /	83
3.11	PALATALISASIE	84
(a)	/l/ → /d̪ʒ/	84
(b)	/s/ → /ʃ/	85
(c)	/r/ → /t̪ʃh/	86
(d)	/n/ → /ɳ/	86
(e)	/ɳ/ → /ɳ/	87
(f)	[β] → [β ^J]	87
(g)	[p] → [p ^J]	88
(h)	[p ^h] → [p ^{Jh}]	88
(i)	[Φ] → [Φ ^J]	88
(j)	[t ^{sh}] → [t ^{sJh}]	89
(k)	[d ^z] → [d ^{zJ}]	89
(l)	[r] → [r ^J]	89
3.12	RETROFLEKSERING	90
(a)	[l] → [ɿ]	90
(b)	[l] → [ɿ ^J]	91
3.13	SAMESMELTING	91
(a)	/a/ + /i/ → /ɛ/	91
(b)	/a/ + /l/ → /ɛ/	92

(c)	/a/ + /ə/ → /ɔ/	92
(d)	/ɛ/ + /ə/ → /ɔ/	92
3.14	VELARISASIE	92
3.15	VOKAALVERNOUING	93
3.16	VOKAALVERVANGING	94
(a)	/ɛ/ → /a/	95
(b)	/l/ → /a/	95
(c)	/a/ → /ɛ/	95
 HOOFSTUK 4		
DIACHRONIESE FONOLOGIE		96
4.1	INLEIDING	96
4.2	VOKAALFONEME	96
4.2.1	Sillabiese vokaalfoneme	97
(a)	B. /i/ = H. /i/	97
(b)	B. /i/ = H. /l/	97
(c)	B. /e/ = H. /ɛ/	97
(d)	B. /a/ = H. /a/	97
(e)	B. /o/ = H. /ɔ/	97
(f)	B. /u/ = H. /ə/	97
(g)	B. /ü/ = H. /u/	97
4.2.2	Nie-sillabiese vokaalfoneme	97
(a)	B. /u/ en /ü/ = H. /w/	98
(b)	B. /i/ = H. /j/	98
4.3	KONSONANTFONEME	98
4.3.1	Basiese konsonante	98
(a)	B. /k/	98
(b)	B. /t/	99
(c)	B. /p/	99
(d)	B. /v/	99
(e)	B. /l/	100
(f)	B. /v̞/	100
(g)	B. /m/	100
(h)	B. /n/	101

4.3.2	Gepalataliseerde konsonante	101
(a)	B. / <u>k</u> /	101
(b)	B. / <u>t</u> /	101
(c)	B. / <u>v</u> /	101
(d)	B. / <u>l</u> /	102
4.3.3	Oer-Bantoe konsonante in verbinding met die sogenaamde semivokale	102
(a)	B. /k/	102
(b)	B. /t/	102
(c)	B. /p/	103
(d)	B. /v/	104
(e)	B. /l/	104
(f)	B. /v̞/	104
(g)	B. /m/	105
(h)	B. /n/	105
(i)	B. / <u>k</u> /	105
(j)	B. / <u>v</u> /	105
(k)	B. /ŋ/	105
(l)	B. /nt/	105
(m)	B. /nd/	106
(n)	B. /mb/	106
4.3.4	Oer-Bantoe konsonante voorafgegaan deur die vokaal /i/ van Klas 5	106
(a)	B. /k/	106
(b)	B. /t/	106
(c)	B. /p/	106
(d)	B. /v/	106
(e)	B. /l/	106
(f)	B. /v̞/	107
(g)	B. / <u>k</u> /	107
(h)	B. / <u>t</u> /	107
(i)	B. / <u>v</u> /	107
(j)	B. / <u>l</u> /	107
(k)	B. /m/	107
(l)	B. /n/	107
4.4	NASAALVERBINDINGS	107
4.4.1	Primêre nasaalverbinding	107
(a)	B. /ŋ/	107

(b)	B. /nk/	108
(c)	B. /nd/	108
(d)	B. /nt/	108
(e)	B. /mb/	108
(f)	B. /mp/	108
4.4.2	Sekondêre nasaalverbindings	108
(a)	B. /ni/ + /k/	109
(b)	B. /ni/ + /t/	109
(c)	B. /ni/ + /p/	109
(d)	B. /ni/ + /v/	109
(e)	B. /ni/ + /l/	110
(f)	B. /ni/ + /y/	110
4.4.3	Gepalataliseerde konsonante in nasaalverbindings	110
4.4.3.1	Verbindings binne woordstamme	110
(a)	B. /ng/	110
(b)	B. /nd/	110
4.4.3.2	Verbindings buite woordstamme	111
(a)	B. /ni/ + /k̬/	111
(b)	B. /ni/ + /t̬/	111
(c)	B. /ni/ + /v̬/	111
4.4.4	Nasaalverbindings voor semivokale	111
(a)	B. /mb/	111
(b)	B. /nd/	111
AANHANGSEL A		112
VOETNOTA		116
LITERATUURLYS		117

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DIE BAHANANWA – 'n HISTORIESE OORSIG

Wanneer 'n dialek bestudeer word, behoort daar iets gesê te word oor die geskiedenis van die mense wat die dialek praat. Dit stel die onderzoeker in staat om 'n beter perspektief op sy onderwerp te verkry.

Die Bahananwa, wat *tšhwene* (bobbejaan) vereer, woon onder twee kapteins op verskillende piekke in die Blouberg-omgewing in Noordwes-Transvaal. 'n Derde groep, wat hulleself Babirwa noem, maar 'n dialek feitlik identies aan Hananwa praat, woon in Steilloopbrug in die Potgietersrusomgewing. Oor laasgenoemde groep gaan hier nie veel gesê word nie. (Vergelyk die kaart (figuur 1.1) op bladsy 22).

Die volgende is 'n oorsig van die herkoms van die Hananwastam (Roberts 1916: 241-245; Weidemann 1946: 1-2; Departement van Samewerking en Ontwikkeling: (s.j.: 1-4); Krige 1937: 354): Die Bahananwa is volgens oorlewering oorspronklik afstammelinge van die Bahurutshe van Botswana, maar is later onderwerp deur die Bangwato (Krige 1937: 354). Hulle bewoon Blouberg en omgewing na raming sedert 1830 (Krige 1937: 354). Die vroegste kaptein waarvan melding gemaak word is Malete. Hy het twee seuns gehad waarvan die jongste se naam Leboho was. Leboho se ouer broer was Malete se regmatige opvolger, maar omdat Leboho slimmer en 'n groter held was, het die Bahananwa verwag dat hy Malete sou opvolg. Die ouer broer wou Malete om die lewe bring sodat hy self die troonopvolger kon wees.

Malete vertel egter vir Leboho dat sy lewe in gevaar is. Hy slaan op die vlug met 'n aantal volgelinge en steek die Magalakwena-rivier oor.

Leboho is deur sy ouer broer agtervolg, maar eers ingehaal nadat hy en sy volgelinge reeds oor die Magalakwenarivier getrek het. Daar het die twee broers oor en weer vir mekaar beleidings geskree. Volgens oorlewering sou Leboho se broer hom die volgende toegevoeg het : "O $\ddot{\text{t}}$ ohile set $\ddot{\text{s}}$ habene sa heno, o hanane" (Jy het van jou mense af weggevlug, jy is ongelukkig) (Mokgokong 1966: 21, 22). Vandaar die naam Hananwa.

Hiervandaan het Leboho met sy volgelinge na die voet van die Blouberg gevlug (Roberts 1916: 245). Daar aangekom, tref hulle die bagaMadibane ('n seksie van die Batau), die bagaRalotong (Dikolobe) en die bagaMotlatlanana (Baupo of Dinoku), (Departement van Samewerking en Ontwikkeling (s.j.: 1)) en 'n aantal Vendas (Krige 1937: 354) aan. 'n Geveg ontstaan wat deur Leboho en sy volgelinge gewen word. Hulle besluit om die totem van die bagaMalete, naamlik *nare* (buffel) te laat vaar ter wille van die bobbejaan (*t $\ddot{\text{a}}$ hwene*). (Die rede(s) wat gelei het tot hierdie besluit is onbekend). Leboho het geen seuns by sy hoofvrou gehad nie (Weidemann 1946: 1), hoewel hy twee seuns by sy tweede vrou verwek het. Hulle was Ramatho en Ramakgotiele. Na Leboho se dood moes die hoofvrou se oudste dogter, Maleboho, trou en 'n troonopvolger verwek. Sy trou met haar oom Ngata (Departement van Samewerking en Ontwikkeling (s.j.: 1)) wat die vader word van haar seun Mathome.

Toe Mathome oud genoeg is om die bewind oor te neem, maak Ramatho ook daarop aanspraak (Weidemann 1946: 1). 'n Botsing volg wat deur Mathome gewen word. Ramatho word gevolglik gedwing om Blouberg te verlaat. Hy word later vermoor na 'n sameswering tussen Mathome, Mapela en Matlala (Weidemann 1946: 2). Ramatho se seun Maloko vlug met sy vader se volgelinge, maar word later toegelaat om hom oos van Blouberg te vestig. Na sy dood word hy opgevolg deur sy seun Kibi.

Mathome se seun Kgalushi volg hom na sy dood op. Hy word spoedig "Mmaleboho" genoem. Na hom word elke opvolger ook by hierdie naam genoem. Die huidige regeerder op Blouberg is Colin Leboho en die regeerder van die groep noordwes van Blouberg by Radit $\ddot{\text{s}}$ haba is Kibi Leboho.

Volgens Krige (1937: 353) behoort die Bahananwa tot dieselfde

kultuurgroep as die bagaMoletši en die bagaMatlala. Hierdie stamme het kulturele verbintenisse met groepe verder noord en het by minstens een geleentheid na die Balobedu gegaan vir reën.

Na die "Malaboch"-oorlog van 1895 het die destydse Z.A.R.-regering 1714 hektaar grond as woongebied aan Kibi en sy volgelinge geskenk. Dit was bedoel as beloning vir die hulp wat Kibi aan die regering verleen het teen Mmaleboho (Bantu, Maart 1955: 59). Kibi word ook deur die regering erken as hoof oor alle Bahananwa. Met die verloop van tyd het Kibi se woongebied te klein geword en 'n nuwe stuk grond van 10797 hektaar wat grens aan die Magalakwenarivier is aan hom toege wys.

Intussen woon die Bahananwa onder "Mmaleboho" (Colin Leboho) steeds ongehinderd bo-op en aan die suidelike voet van Blouberg.

Oor die herkoms van die Babirwa van Steilloopbrug bestaan daar geen sekerheid nie. Van Warmelo (1953: 24) en Krige (1937: 350) meen dat hulle van 'n onbekende lokaliteit in Zimbabwe afkomstig is. Eersgenoemde beskou hulle as van Shona herkoms maar voer nie bewyse ter stawing van sy opvatting aan nie.

Na hulle aankoms in Hananwa-gebied het die Babirwa by verskeie geleenthede hulle woonplek om uiteenlopende redes verlaat om 'n nuwe tuiste te soek (Van Warmelo 1953). Dit blyk dat hulle die langste op die plaas Mietjiesfontein naby die Magalakwenarivier vertoeft het, want volgens oorlewing het verskeie kapteins daar oor hulle regeer (Van Warmelo 1953: 28). Kennis oor die dialek/taal wat die Babirwa gepraat het toe hulle binne die Hananwa-gebied kom woon het, ontbreek. Toe hierdie groep in 1942 op versoek van die regering na Steilloopbrug verhuis het, het hulle nie die Birwa waarvan Van Warmelo (1940: 100) melding maak, gepraat nie, maar Hananwa. Hierdie feit word gestaaf deur die sogenaaamde Birwa-tekste wat Van Warmelo aanhaal in Van Warmelo (1953: 27-47) en wat soos die skrywer self opmerk "...on the whole the same as the speech of the Bahananwa ..." (1953: 24) is. Die huidige kaptein van die Babirwa se naam is Samson Tauyatswala.

Bo en behalwe die Babirwa waarvan reeds melding gemaak is, is

daar verskeie groepe Babirwa wat onder die Batlokwa, bagaSeleka en Bahananwa woon (Mokgokong 1966: 24). Die groep wat onder die Bahananwa woon, is deur laasgenoemde geabsorbeer en praat ook Hananwa.

1.2 LINGUISTIESE OORSIG

Oorspronklik was Hananwa deur net een stam gepraat, naamlik deur die Bahananwa bo-op Blouberg. Vandag is daar drie Hananwasprekende groepe nadat die oorspronklike Hananwastam om verskillende redes, waaronder regeringsbeleid en onderlinge twist, verdeel het.

Die stam onder kaptein Colin Leboho wat vandag bo-op en aan die suidelike voet van Blouberg woon, moet vanuit 'n taalkundige oogpunt beskou, as die belangrikste groep geag word vanweë hulle taalsuiwerheid wat spruit uit hulle geografiese en gevolglik kulturele afgesonderdheid.

Die stam wat in die vlakte noordwes van Blouberg in die omgewing van Raditšhaba deur kaptein Kibi Leboho regeer word, het van die eersgenoemde groep af weggetrek en hulle aanvanklik ten ooste van Blouberg gevestig. Daarna het hulle die onmiddellike omgewing van die berg verlaat toe hulle as beloning vir hulle hulp aan die Z.A.R.-regering tydens die "Maleboch"-oorlog grond van die staat ontvang het (Bantu, Maart 1955: 59).

Die Babirwa van Steilloopbrug het, anders as die Bahananwa, *nare* (buffel) as totem. Ten spyte daarvan dat hulle Hananwa praat, noem hulle hulleself "Babirwa". Presies hoe lank die Babirwa in Hananwa-gebied vertoeft het, is onseker, maar dit moes geruime tyd gewees het. Groot skaalse vermenging het plaasgevind en voorbeeld van Birwa wat deur Van Warmelo (1940: 100) gedokumenteer is, is glad nie in die loop van die navorsing wat vir die doel van hierdie verhandeling onderneem is, teëgekom nie. Dit is te betwyfel of daar hoegenaamd vandag binne die grense van die Republiek deur enige stam Birwa gepraat word.

Onlangs, na 'n besoek aan Botswana, het die leier van hierdie studie

my meegeedeel dat 'n groep Babirwa (waarskynlik afstammelinge van dieselfde Babirwa waarvan Van Warmelo (1940: 99) melding maak) by Bobonong na aan die grens tussen Botswana en Zimbabwe woon. Hulle taal is nog nie nagevors nie, maar uit bandopnames wat by die geleentheid gemaak is, het dit geblyk dat hulle taal grootliks ooreenkoms met dié van die Batlokwa van die Pietersburg-omgewing. Hierdie ooreenkoms is verklaarbaar as in ag geneem word dat die Babirwa vir 'n lang ruk onderdane van die Batlokwa was. Vergelyk Krige (1937: 352).

Navorsers soos Van Warmelo (1935) en Van Wyk (1969: 169) verskil in hulle klassifikasies van die Sothotale en -dialekte van skrywers soos Doke (1954: 119) en Guthrie (1948: 66). Van Wyk (1969: 179) se klassifikasie word vir die doel van hierdie studie as die aanneemlikste beskou.

Doke (1954) en Guthrie (1948) baseer hulle indelings van die suidelike Bantoetale op die aanname dat die

drie erkende Sothoskryftale, naamlik Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho, volledig saamval met die groeperings van die gesproke dialekte ...
(Van Wyk 1969: 169).

In teenstelling hiermee, volg Van Warmelo en Van Wyk 'n benadering waarvolgens die linguistiese verskeidenheid binne die Sothotaalgroep as maatstaf dien. Gevolglik onderskei hulle tussen 'n groter aantal Sothogroepe as Doke en Guthrie. Van Wyk (1969: 179) gaan nog verder as Van Warmelo en neem fynere dialektiese variasies binne die verskillende groepe in ag by sy indeling. Vergelyk figuur 1.2 op bladsy 23.

Van Wyk (1969: 173-174) onderskei onder andere Sentraal-Sotho wat drie dialektiese vorme insluit, naamlik Mmamabolo, Kone en Pedi. Die Noord-Sotho skryftaal wat as "standaard" Noord-Sotho erken word, is hoofsaaklik op Pedi gebaseer. Noord-Sotho as taalgroep met sy eie kenmerkende dialekte, Tlokwa en Hananwa, sorteer gevvolglik nie onder Sentraal-Sotho nie. Noord-Sotho as skryftaal en Noord-Sotho as taalgroep mag dus nie verwarring word nie. In hierdie verhandeling word die term "Standaard Noord-Sotho" gebruik om te verwys na Noord-Sotho as amptelike skryf- en mediataal.

Volgens Van Wyk (1969: 177) kan Hananwa as 'n tipiese Sotho-dialek beskou word, dit wil sê 'n dialek waarvan die sprekers van Sotho-oorsprong is en nie sterk deur nie-Sortho-sprekers beïnvloed is nie.

Hananwa vertoon ook a-tipiese Sotho-kenmerke, waaronder woorde-skat wat uit Venda oorgeneem is, en die gebruik van interdentale in plaas van laterale konsonante.

As gevolg van sy historiese agtergrond vertoon Hananwa duidelik invloed van noordelike Tswana (Van Wyk 1969: 174), bo en behalwe die waarskynlike beïnvloeding deur naburige Noord-Sortho-dialekte waaronder Tlokwa en Moletši. Watter linguistiese verskynsels in Hananwa aan historiese Birwa-invloed toegeskryf behoort te word, kan moeilik gesê word, omdat Birwa nie volledig genoeg gedokumenteer is nie. Nogtans kan 'n aansienlike mate van taalbeïnvloeding tussen Hananwa en Birwa veronderstel word vanweë die feit dat hierdie groepe so naby aan mekaar gewoon het. Vergelyk Van Warmelo (1953: 28-30).

Verskeie ander dialekte wyk in sommige opsigte op dieselfde wyse van Standaard Noord-Sortho af as Hananwa. Hieronder tel Tlokwa, Moletši, Matlala en Mmamabolo. Veral die klanksisteme van die bogenoemde dialekte kom sterk ooreen met dié van Hananwa. Vergelyk Mokgokong (1966: 127). Hananwa is 'n dialek wat vinnig besig is om sy eie identiteit te verloor omdat Standaard Noord-Sortho die amptelike voertaal in Lebowa is. Slegs enkele bejaarde persone praat Hananwa vandag nog in 'n redelik suiwere vorm. Dieselfde bejaardes se skoolgaande kleinkinders word in die amptelike voertaal onderrig. Kinders en jongmense was tydens veldwerk sessies opvallend gemauseerd deur "eienaardighede" in die ouer garde se taalgebruik.

In die jongste tyd gaan soek talle mans en vroue boonop elders werk en word sodoeende aan kontaminerende invloede blootgestel.

1.3 BESTAANDE BRONNE OOR HANANWA

Veel is reeds geskryf oor die Bahananwa se herkoms - Roberts (1916),

Weidemann (1946), Krige (1937) en Departement van Samewerking en Ontwikkeling (s.j.); die twis wat gelei het tot die verdeling van die stam in twee - Departement van Samewerking en Ontwikkeling (s.j.) en Weidemann (1946); die "Malaboch"-oorlog - (Rae (1898) en Sonntag (1983)) en hulle kultuur en gewoontes - Roberts (1916: 245-256), en ander. Oor die Hananwa-dialek, daarenteen, het weinig verskyn. Van die vroegste taalkundige gegewens oor Hananwa is in 1916 deur Roberts (1916: 251-259) gepubliseer. Dit behels die sleutelwoorde wat 'n besoeker aan die stamskool moet ken om ingelaat te word. Sedertdien het 'n aantal nuttige bronne met heelwat voorbeelde uit Hananwa verskyn. Vergelyk onder andere Van Loggerenberg (1961), Du Plessis (1963) en Mokgokong (1966).

In geeneen van die bovenoemde werke word die aandag geheel en al aan Hananwa gewy nie, omdat die bronne oorwegend 'n fonologies-vergelykende inslag het. Boonop is al die onlangse publikasies met die uitsondering van dié van Mokgokong deurgaans op geskreve bronne gebaseer. Die skrywers daarvan het klaarblyklik nie hulle informasie deur middel van veldwerk bekom nie. Gevolglik is daar heelwat leemtes in die genoemde werke te bespeur. Dit is te verstanne, omdat die bronne wat hulle oorspronklik geraadpleeg het, ook onvolledig is. Die bestaande bronne is:

- (a) Roberts, N. 1916. The Bagananoa or Ma-laboch: Notes on their early History, Customs, and Creed. South African Journal of Science. Vol. 12, pp. 241-256.

Vanaf bladsy 251 tot 254 is die stamskoolwoorde waarna hoërop verwys is, gedokumenteer. Woorde wat vreemd is aan, of verskil van Standaard Noord-Sotho, soos the volgende, word aangehaal: *molelo* in plaas van *molto*; *hore* in plaas van *gore*, *mokhwidiri* in plaas van *mohwelere*; *-bopea* in plaas van *-bopša*; *khoho* in plaas van *hlogo*; *-dya* in plaas van *-ja*. Die fonetiese verskille wat Roberts deur middel van die praktiese ortografie probeer weergee, geniet later in hierdie verhandeling breedvoerig aandag.

- (b) (i) Van Warmelo, N.J. 1935. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Government Printer, Pretoria.

(ii) Van Warmelo, N.J. 1940. The Copper Miners of Musina and the Early History of the Zoutpansberg. Government Printer, Pretoria.

(iii) Van Warmelo, N.J. 1953. Die Tlokwa en Birwa van Noord-Transvaal. Staatsdrukker, Pretoria.

In die bogenoemde publikasies word daar net terloops na die Bahananwa as 'n Noord-Sotho stam verwys. Daar word nie besonderhede oor die taal self verstrek nie. In Van Warmelo (1935: 114) word die volgende opmerking oor Hananwa gemaak:

The ba-Kwena and the ba-Hananwa are both, according to tradition, of Western (Tswana) origin, though today they form part of the Northern culture complex.

In 'n ander publikasie (1953: 24) som Van Warmelo die verband tussen Hananwa en hedendaagse Birwa goed op:

(Birwa is) the northwestern form of Northern or Transvaal Sotho, characterised by dentals for laterals, s for ſ (as kgoſi for kgoši) in many instances, thus approximating to northern Tswana, and on the whole the same as the speech of the Ba-hananwa and neighbouring people.

Dieselfde werk (pp. 27-47) bevat ook 'n Birwa-teks. Ofskoon die teks in die praktiese ortografie gedruk is, kan heelwat inligting oor die moontlike linguistiese verwantskap tussen Birwa en Hananwa hieruit verkry word.

(c) Van Loggerenberg, J.C. 1961. 'n Fonologiese Vergelyking van die Sotho-dialekte met Oer-Bantoe. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Hierdie werk bevat die volgende inligting wat afwyk van dit wat tydens die navorsing vir hierdie studie in die veld opgeteken is. (L.W.: Die ortografie wat in die onderstreepte gedeeltes gebruik word, is dié van Van Loggerenberg):

(i) p. 31: B. /ki/ = H. /ſe/

Die navorsing met die oog op hierdie studie het aan die

lig gebring dat B. /ki/ behalwe H. /se/ ook 'n ander refleks het, naamlik H. /tshe/

(ii) p. 33: B. /ku/ = H. /hu/ of /khu/

Geen voorbeeld van B. /ku/ = /hu/ is gevind nie, aangesien B. /ku/ reëlmataig as H. /khu/ teruggevind word.

(iii) p. 38: H./f/ word nie as 'n bilabiale frikatief aangedui nie.

(iv) p. 50: B. /lwa/ = H. /tzwa/

Slegs voorbeeld van B. /lwa/ = H. /kwa/ is teëgekom.

(v) p. 78: B. /ni + k/ = H. /kx/

Die ware toedrag van sake word verdoesel vanweë die feit dat die skrywer nie ook fonologiese variante aandui nie: H. /kx/ realiseer in twee fakultatiewe variate, naamlik H. [kx^h] en H. [x].

(vi) Geen melding word gemaak van die retroflekse konsonante wat later in Hoofstuk 2 van hierdie verhandeling beskryf word nie.

(vii) pp. 43-45: Die feit dat die Hananwa-refleks van B. /v/ soms tussen vokale as /k/ teruggevind word, word nie genoem nie.

(d) Mokgokong, P.C. 1966. A Dialect-geographical Survey of the Phonology of the Northern Sotho Area. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Hierdie werk moet huidig as die volledigste bron oor Hananwa-fonologie beskou word. Soos wat die titel aandui, is dit 'n vergelykende dialekstudie waarin die morfologie nie figureer nie. Dit is ook die enigste taalkundige bron waarin Hananwa-feite verskyn wat deur veldwerk verkry is. Aangesien Mokgokong net een informant gebruik het (1966: vii), kan die vol-

gende verskille met sy bevindinge daaraan toegeskryf word.
(L.W.: Mokgokong se ortografie word netso gebruik, behalwe waar andersins aangedui):

- (i) p. 81: B. /ni/ het meer as een refleks in Hananwa, naamlik /ne/ (reëlmaticig) en /ŋe/ (onreëlmaticig). Mokgokong maak nie melding van enige van dié reflekse nie.
- (ii) p. 89: Die verskynsel dat Standaard Noord-Sotho [θ] soms [ɸ] is in Hananwa word nie genoem nie. Vergelyk onder andere SNS. [səhuθa] met H. [səkuɸa].
- (iii) p. 105: Die feit dat Hananwa [Kxh] reëlmaticig wissel met [x] word nie genoem nie.
- (iv) p. 111a: In diminutiewe afleidings van woorde met die konsonant [l] in die slotsillabe palataliseer [l] tot [l̿] (jana) of [ɬw] en nie tot [f'] (ana) nie. (Ortografie gevvolg in hierdie verhandeling).
- (v) Waarskynlik vanweë die oorwegende lenis uitspraak is Hananwa se ongeaspireerde sluitklanke, anders as wat Mokgokong (1966: 76 e.v.) suggereer, slegs by uitsondering ejektief.
- (vi) Geen melding van retroflekse konsonante ((Mokgokong (1966: 6) se "post-alveolar" konsonante) word gemaak nie, hoewel verskeie sodanige klanke teëgekom is. (Vergelyk Hoofstuk 2).
- (vii) Die feit dat B. /v/ soms tussen vokale as H. /k/ teruggevind word, word nie genoem nie. Vergelyk B. /ni-yovu/ → H. /tʂv/ + -/ana/ + /tʂvkvana/. (Ortografie gevvolg in hierdie verhandeling).
- (viii) Mokgokong maak nie melding van fonemiese verskille tussen die vokale van Hananwa en Noord-Sotho nie. As voorbeeld dien gevalle waar die ooreenstemmende Hananwa-vokaal hoër gerealiseer word as sy Standaard Noord-Sotho teenhanger, byvoorbeeld

SNS. /mohwelere/ = H. /mokhwiliri/ en
SNS. /mareva/ = H. /marifha/.

Bogenoemde leemtes in en verskille tussen die bestaande bronne oor Hananwa noodsaak 'n sistematiese beskrywing van dié dialek.

1.4 VELDWERKTEGNIEK

Die gegewens wat in hierdie studie weergegee word, is versamel tydens vier besoeke aan die gebiede wat in 1.2 genoem is. 'n Loodsstudie is in Maart 1982 onderneem gedurende 'n besoek van vier dae aan die Bahananwa by Raditšhaba onder Kibi Leboho. Tydens hierdie besoek is inligting oor die fonologie, morfologie en fonologiese prosesse ingewin, en bandopnames is gemaak. Die materiaal is in die taallaboratorium van die Universiteit van Suid-Afrika ontleed. Na aanleiding van die bevindinge wat hieruit voortgevloeи het, is 'n omvattende veldwerkprogram opgestel.

'n Tweede besoek is in Junie 1982 aan Raditšhaba gebring, na afloop waarvan daar ook gedurende dieselfde maand besoek afgelê is by die Babirwa van Steilloopbrug onder kaptein Tauyatswala. Gedurende Desember van dieselfde jaar is die veldwerk afgerond met 'n besoek aan die Bahananwa onder die kapteinskap van Colin Leboho wat bo-op Blouberg woon. Altesaam agtien dae is aan veldwerk bestee. Daar is deurgaans gebruik gemaak van bejaarde manlike sowel as vroulike informante wat, volgens die oordeel van die onderskeie kapteins, die dialek nog in sy suiwerste vorm praat. Voorbeeld van woorde, woordgroepe en sinne is aan die informante voorgehou waarop hulle hulle moes uitlaat oor die juistheid of suiwerheid daarvan. Verskeie ongeprogrammeerde gesprekke tussen informante is ook op band vasgelê en ontleed om te verseker dat leemtes wat moontlik in die vooropgestelde navorsingsprogram kon bestaan het, ondervang word. Onderhoude is om die beurt deur Prof. L.J. Louwrens en deur myself gevoer. 'n Gegewe taalverskynsel moes in 'n minimum van drie voorbeeldvoorkom alvorens dit as verteenwoordigend van Hananwa aanvaar is. In sommige gevalle was dit egter nie moontlik om aan hierdie vereiste te voldoen nie, onder andere in die geval van sekere foneemkom-

binasies wat slegs in 'n beperkte aantal woorde in Noord-Sotho voorkom. In sulke gevalle word die aandag van die leser daarop gevestig dat sodanige voorbeelde volledigheidshalwe aangehaal word. Dieselfde navorsingsprogram is by al drie Hananwa-sprekende groepe gevolg om te verseker dat wisselvorme ondervang word indien dit sou voorkom.

Die volgende persone het by Raditšhaba as informante opgetree: mans - Uria Maputla, Silas Rapanyane en Abraham Ratale; vroue - Jane Kgorane, Nellie Kgorane en Monoko Sekuba. Van hierdie persone kon slegs Uria Maputla lees en skryf. Hy het soms van die ander informante verskil deurdat hy met Standaard Noord-Sotho vertroud is. Gevolglik is daar min ag geslaan op informasie wat van hom verkry is. Abraham Ratale wat na skatting oor die negentig jaar oud was tydens die navorsing, het ook soms van die ander informante verskil. Anders as in die geval van Uria Maputla is hy ðf deur 'n ander dialek as Pedi (moontlik Birwa) beïnvloed, ðf het hy 'n meer argaïese vorm van Hananwa gepraat.

By Blouberg is van die volgende informante gebruik gemaak: mans - Jefta Montsi, Silas Makhutini, Lexon Leboho en "Carry-On" Leboho; vroue - Mosima Leboho, Ramokoni Leboho en Ramokoni Molele. By Steilloopbrug is inligting van die volgende persone verkry: mans - Johannes Serope, Alec Matsoma, Joseph Mohasa en Simon Matsoma; vroue - Sophia Moasa, Helena Mphaho, Martina Moeta, Willemina Moeta en Sarah Motabo.

1.5 VERWERKING EN AANBIEDING VAN DATA

1.5.1 Aard en doel van die studie

Die primêre doel van hierdie studie is om 'n leemte te vul in die bestaande korpus van linguistiese inligting oor die dialektes van Noord-Sotho. Daarom sal daarna gestreef word om 'n volledige weergawe van die klanksisteem van Hananwa soos wat dit deur Colin Leboho en Kibi Leboho se onderdane gepraat word, aan te bied. Vanuit 'n taalkundige oogpunt kan hierdie groepe as een beskou word. Hananwa soos wat die Babirwa van Steilloopbrug dit praat word nie

behandel nie, omdat die verskille tussen hulle taalvorm en dié van bogenoemde twee groepe as onbeduidend beskou kan word.

Daar word deurgaans gepoog om die fonetiese ooreenkomste en verskille tussen Hananwa en Standaard Noord-Sotho uit te wys. Dit word gedoen deur dieselfde werkswyse te volg as onder andere Mokgokong (1966) en Van Loggerenberg (1961). Hierdie skrywers het naamlik die spraakklanke van verskillende dialekte voorgestel as refleksie van gepostuleerde "Oer-Bantoe"-vorme (vgl. Meinhof 1932). Die besluit om Oer-Bantoe en nie Guthrie (1967), (1970(a)), (1970(b)) en (1971) se "Comparative Bantu" as vergelykingsinstrument te gebruik nie, berus op die feit dat die oorgrote meerderheid van dialekstudies in Sotho ook van Oer-Bantoe as vergelykingsinstrument gebruik maak. Indien "Common Bantu" gebruik sou word, sou dit waarskynlik die toeganklikheid van hierdie studie vir toekomstige vergelykingswerk aansienlik verminder.

Die korpus data wat betrekking het op die morfologie van Hananwa beslaan ongeveer een en 'n half keer soveel ruimte as die fonologie en kan gevvolglik nie in hierdie studie geakkommodeer word nie.

Sover moontlik word verskille tussen die taalgebruik van die twee groepe, sowel as verskille tussen die informante binne dieselfde groep, uitgewys en geïnterpreteer.

1.5.2 Fonetiese data: beskrywing en klassifikasie van spraakklanke

Daar word aanvaar dat die leser oor 'n grondige fonetiek-kennis van die artikulatoriese kenmerke van Standaard Noord-Sotho se spraakklanke beskik. Aangesien daar egter geen bronre bestaan waarin die spraakklanke van Standaard Noord-Sotho volledig en bevredigend beskryf word nie, word 'n beskrywing hieronder aangebied om te voorsien in hierdie behoeftte. Die metode by die beskrywing van spraakklanke wat in hierdie studie gevolg word, is gebaseer op dié van Van Wyk (1979). In die genoemde werk beskryf hy spraakklanke volgens hulle artikulatoriese eienskappe. Hy maak gebruik van nege sogenaamde "modifikasiebeginsels" aan die hand waarvan hy konsonante ontleed, naamlik artikulasiewyse,

artikulasiepunt, stemspleetstand, lugbewegingsmeganisme, lugdeurgang, spanning, geminasie, sillabisiteit en aanset/afeindiging. Van Wyk gebruik ander terme vir sy konsonantbeskrywings as wat hy vir sy konsonantontledings aanwend. In hierdie studie word die terme wat Van Wyk aanwend om klanke mee te ontleed, gebruik om die spraakklanke van Hananwa te beskryf.

Aangesien harde aanset/afeindiging deurgaans voorkom in Hananwa-spraakklanke, word geen verwysing na die modifikasiebeginsel Aanset/Afeindiging gemaak nie. Volgens Van Wyk (1979: 161) is geminasie ook nie op die spraakklanke van die Sothotale van toepassing nie. Geminatie figureer gevvolglik ook nie in klankbeskrywings wat in hierdie studie gemaak word nie. Weens die relatiewe aard van die beginsel van artikulasiespanning word klanke ook nie sistematies beskryf in terme van lenis en fortis nie. Waar dit wel nodig geag word, sal na artikulasiespanning verwys word ten einde onderskeid te tref tussen klanke wat verskil ten opsigte van artikulasiespanning.

Die fonetiese ortografie van die I.P.A. soos uiteengesit in The Principles of the International Phonetic Association, (1963) word gebruik vir die voorstelling van die Standaard Noord-Sotho spraakklanke. 'n Asterisk vooraan 'n fonetiese simbool dui aan dat die betrokke klank gelabialiseer uitgespreek word wanneer dit gevolg word deur enige van die agtervokale of [w].

Volgens Van Wyk (1979) se benadering kan die konsonante van Standaard Noord-Sotho dus as volg foneties volgens hulle artikulatoriese kenmerke beskryf word:

- [p'] : plosief, ongeaspireer, bilabiaal, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[t'] : plosief, ongeaspireer, apikoalveolêr, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[k'] : plosief, ongeaspireer, dorsovelêr, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[f̪l'] : plosief, ongeaspireer, apikoalveolêr, stemloos, glottismeganisme, lateraal, onsillabies;

- [p^h] : plosief, geaspireer, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[t^h] : plosief, geaspireer, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[k^h] : plosief, geaspireer, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[tʃ^h] : plosief, geaspireer, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, lateraal, onsillabies;
- [pʃ'] : affrikaat, ongeaspireer, bilabiaal-palataal, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[tʃs'] : affrikaat, ongeaspireer, apikoalveolêr, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[tʃʃ'] : affrikaat, ongeaspireer, laminopalataal, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies;
- [pʂ^h] : affrikaat, geaspireer, bilabiaal-alveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- [pʃ^h] : affrikaat, geaspireer, labio-prepalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[tʂ^h] : affrikaat, geaspireer, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[tʃ^h] : affrikaat, geaspireer, laminopalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[kx^h] : affrikaat, geaspireer, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[ɿ] : flapklank, apikopalataal, stemhebbend, longmeganisme, lateraal, onsillabies;
- *[r] : trilklank, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, sillabies en onsillabies;
- [f] : groeffrikatif, labiodentaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- [fʂ] : groeffrikatif, labiodentaal-alveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- [fʃ] : groeffrikatif, labiodentaal-palataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;

- *[s] : groeffrikatief, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[ʃ] : groeffrikatief, laminopalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[h] : spleetfrikatief, dorso-uvulêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[v] : spleetfrikatief, dorsovelêr, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- [β] : spleetfrikatief, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- [fʒ] : kombinasie van spleet- gevvolg deur groeffrikatief, bilabiaal-prepalataal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[ʒ] : groeffrikatief, laminopalataal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies;
- *[ʂ] : spleetfrikatief, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, lateraal, onsillabies;
- *[l] : resonant, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, lateraal, onsillabies en sillabies;
- [m] : resonant, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, onsillabies en sillabies;
- *[n] : resonant, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, onsillabies en sillabies;
- *[ɳ] : resonant, laminopalataal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies;
- *[ɲ] : resonant, mediopalataal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, onsillabies en sillabies;
- *[ŋ] : resonant, dorsovelêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, onsillabies en sillabies;

Volgens Van Wyk (1979: 53-71) se benadering tot die afbakening van vokale kan Standaard Noord-Sotho se vokale op die vokaalkaart voorgestel word soos in figuur 2.13 op bladsy 60.

Aangesien voorvokale met ongeronde lippe en agtervokale met geronde lippe geartikuleer word, veronderstel die terme "voor" en "sentraal" die labiale modifikasie "ongerond" en die term "agter" die labiale modifikasie "gerond". Die vokale van Standaard Noord-Sotho kan as volg beskryf word:

- [i] : hoog, voor;
- [ɛ] : hoog, middelhoog, voor;
- [e] : middelhoog, voor;
- [ɛ̄] : hoog, middellaag, voor;
- [ɛ̄] : middellaag, voor;
- [a] : laag, sentraal;
- [ɔ̄] : middellaag, agter;
- [ɔ̄] : hoog, middellaag, agter;
- [ō] : middelhoog, agter;
- [ō] : hoog, middelhoog, agter;
- [u] : hoog, agter.

Diefone [w], [j] en [ɦ] kan nie ingedeel word onder die konsonante van Standaard Noord-Sotho nie, hoewel hulle altyd onsillabiese gebruik word. Suiwer foneties gesproke is al drie boegenoemde spraakklanke vokale omdat hulle "al die essensiële kenmerke van vokale het" (Van Wyk 1979: 87). In ooreenstemming met Van Wyk se beskouing rakende [w], [j] en [ɦ] word hierdie klanke as *halfvokale* beskou, en gevvolglik in hierdie studie as vokale gehanteer. Aangesien die tong dikwels as't ware "oor" [w] en [j] "gly" wanneer dit van een posisie na 'n ander beweeg (in gevalle wanneer 'n opeenhopping van vokale plaasvind, byvoorbeeld *tauana + tawana; *kôlôiana + kôlôyana) word ook na dié klanke in hierdie studie verwys as *glyers*. Die glyers van Noord-Sotho kan as volg beskryf word:

- [w] : labiovelâre (halfvokaal) glyer;
- [j] : mediopalatale (halfvokaal) glyer;
- [ɦ] : (halfvokaal) glyer wat die artikulasiepunt van die daaropvolgende vokaal aanneem.

1.5.3 Benadering tot die fonetiek en die fonologie

Vir die doeleindes van hierdie studie word verskillende aspekte van die benaderings van Trubetzkoy (1969) en Jakobson & Halle (1980) as basis gebruik. Trubetzkoy (1969: 46-60) se reëls vir die identifikasie van foneme en foneem-variante word naamlik gebruik. In die geval van Jakobson & Halle word hulle benadering tot die foneem as "a bundle of distinctive features" (1980: 73), dit wil sê "dat foneme gehele is van fonetiese kenmerke wat in die spraakstroom aanwesig is (en dus nie abstrakte waardes ... nie)" (Van Rensburg et. al. 1974: 47) as geldig beskou.

Die onderskeid tussen die fonetiek en die fonologie word deur Jakobson & Halle (1980: 18) goed opgesom:

While phonetics seek to collect the most exhaustive information on gross sound matter in its physiological and physical properties, phonemics, and phonology in general, intervenes to apply strictly linguistic criteria to the sorting and classification of the material registered by phonetics.

Die "linguistic criteria" waarna bovenoemde auteurs verwys, omskryf hulle verder wanneer hulle die sogenaamde "inner approach" verduidelik:

This so-to-speak INNER, immanent approach, which locates the distinctive features and their bundles within the speech sounds, be it on their motor, acoustical or auditory level, is the most appropriate premise for phonemic operations, ...

(Jakobson & Halle 1980: 19).

1.5.4 Benadering tot die beskrywing van fonologiese prosesse

Die term fonologiese prosesse verwys na wat tradisioneel bekend staan as morfonologie, morfofonologie en ook klankveranderinge. Veral eersgenoemde twee terme is onaanvaarbaar omdat hulle te kenne gee dat die oorsaak van sogenaamde klankveranderinge die een of ander morfologiese proses is. Hoewel dit nie ontken kan word dat klankveranderinge meesal saamval met morfologiese pro-

sesse nie, moet daarop gewys word dat klankveranderinge eerder plaasvind as gevolg van die opeenhoping van klanksegmente binne woorddele wat gekombineer word, as wat dit plaasvind in reaksie op die kombinasie van die woorddele as sulks. Hierdie beskouing van fonologiese prosesse geniet tans beperkte steun - nie omdat dit geen lewensvatbaarheid het nie, maar omdat dit relatief onbekend is. (Fonologiese prosesse as studieterrein is tot nog toe wêreldwyd verwaarloos). Schane (1973: 49) neig in die rigting wat hierbo aangedui is as hy sê:

When morphemes are combined to form words, the segments of neighbouring morphemes become juxtaposed and sometimes undergo change.

1.5.5 Suprasegmentele fonologie

Omdat 'n studie van die suprasegmentele fonologie in sigself net so omvangryk kan word as die onderhawige een, is daar besluit om nie aan dié aspek van Hananwa aandag te gee nie.

1.5.6 Ortografieë

Die amptelike ortografie van Noord-Sotho (sien Terminologie en Spelreëls No. 3, 1976 - Departement van Bantoe-Onderwys) word ongewysig gebruik vir die voorstelling van Standaard Noord-Sotho-woorde. Enkele aanpassings van bogenoemde ortografie is nodig om voorsiening te maak vir die voorstelling van Hananwa-woorde. Hierdie wysigings is:

- (a) onderaan 'n letter dui 'n interdentale klank aan. Die Standaard Noord-Sotho-word *leihlô* ('oog') sal byvoorbeeld in Hananwa *leithô* geskryf word;
- (b) onderaan 'n letter dui 'n retroflekse klank aan. Die Standaard Noord-Sotho-word *tâu* ('leeu') word hiervolgens *dau* geskryf in Hananwa;
- (c) Noord-Sotho *bj* word *by* geskryf. Vergelyk byvoorbeeld Standaard Noord-Sotho *bjang* ('gras') en Hananwa *byang*;

- (d) Noord-Sotho *fš* word *fy* geskryf. Standaard Noord-Sotho *-fšéga* ('vrees') word gevvolglik *-fyéha* geskryf in Hananwa;
- (e) Noord-Sotho *pš(h)* word *py(h)* geskryf. Vergelyk byvoorbeeld Standaard Noord-Sotho *-pšhatla* ('breek') en Hananwa *-pyhatá*.

Vir die voorstelling van fonetiese en fonologiese data word sover moontlik gebruik gemaak van die fonetiese ortografie van die I.P.A.. In die geval van enkele uitsonderings is afgewyk van die I.P.A.-ortografie aangesien dit nie voorsiening maak vir alle Hananwa-spraakklanke nie. Oer-Bantoe-vorme word voorgestel in Meinhof se oorspronklike ortografie.

Geriefshalwe word die Oer-Bantoe-simbole vervolgens volledig aangehaal:

Oer-Bantoe-konsonante:

Stemlose plosiewe	- <u>k</u> , <u>t</u> , <u>p</u>
Stemhebbende plosiewe	- <u>g</u> , <u>d</u> , <u>b</u> (kom slegs in homorganiese nasaalverbindings voor)
Stemlose palatale konsonante	- <u>k̬</u> , <u>t̬</u>
Stemhebbende palatale konsonante	- <u>y</u> , <u>l</u> - <u>g̬</u> , <u>d̬</u> (kom slegs in homorganiese nasaalverbindings voor)
Primêre frikatiewe	- <u>v</u> , <u>l</u> , <u>v̬</u>
Nasale	- <u>n</u> , <u>m</u> , <u>ñ</u>
Semivokale: oop	- <u>y</u> , <u>w</u>
geslotte	- <u>ÿ</u> , <u>w̬</u>

Oer-Bantoe-vokale:

Primér :	i, a, u
Geslotte :	í, ó
Saamgestel :	e, ö

1.5.7 Afkortings

Alleenlik erkende afkortings word gebruik. Waar daar nie 'n amptelike afkorting bestaan nie, word noodgedwonge van eie afkortings gebruik gemaak, byvoorbeeld Standaard Noord-Sotho = SNS., Hananwa = H. en Oer-Bantoe = B.


1.5.8 Organisasie van hoofstukke

Benewens hierdie hoofstuk bestaan die verhandeling uit drie ander hoofstukke en 'n aanhangsel, wat soos volg georganiseer word:


- (a) Hoofstuk 2 getiteld "Synchroniese fonologie". Dié hoofstuk bevat alle geïdentifiseerde Hananwa-foneme. Variante soos en waar hulle voorkom, asook die Standaard Noord-Sotho teenhanger van elk word aangehaal. Voorbeeld van woorde waarin elke klank voorkom, word gegee. Enkele spektrogramme van sekere spraakklanke word ter toelighting ingesluit.
- (b) Hoofstuk 3 getiteld "Fonologiese prosesse". Hierin word alle geïdentifiseerde fonologiese prosesse wat in Hananwa voorkom met behulp van voorbeeld bespreek. Na die bespreking van 'n bepaalde fonologiese proses, word die mate waarin dit verskil van die teenhanger daarvan in Standaard Noord-Sotho, weergegee in die vorm van 'n opsomming.
- (c) Hoofstuk 4 getiteld "Diachroniese fonologie" bevat gepostuleerde Oer-Bantoe-vorme en hulle Hananwa-reflekse.
- (d) Aanhangsel A bevat enkele Hananwa-tekste in die praktiese ortografie, gevvolg deur 'n vertaling van die teks en 'n foniiese transkripsie van die teks.

BYLAAG TOT HOOFSTUK 1

Figuur 1.1 : Kaart waarop die woongebiede van die drie Hananwa-sprekende groepe aangedui word.



Figuur 1.2



Vergelyk Van Wyk (1969: 179)

HOOFSTUK 2

SINCHRONIESE FONOLOGIE

2.1 VOKAALFONEME

Die benadering tot die beskrywing van vokale wat in hierdie hoofstuk gevolg word is dié van Van Wyk (1979).

Die middelvokale van Hananwa word met die tong in 'n hoër stand uitgespreek as in die geval van hulle teenhangers in Standaard-Noord-Sotho. Dieselfde geld ook die vernoude allofone van hierdie vokale. Ten einde ortografies voorsiening te maak vir hierdie verskille, is besluit om van verskillende fonetiese simbole vir Standaard Noord-Sotho- en Hananwa-vokale gebruik te maak. Die simbole waarop besluit is en die vokale wat deur elk aangedui word, is die volgende:

SNS	H	Foneme	
[e]	[ɪ]	/ɪ/	- hoë, middelhoë voorvokaal;
[e]	[ɿ]	/ɿ/	- middelhoë voorvokaal;
[ɛ]	[ɛ̃]	/ɛ̃/	- hoë, middellae voorvokaal;
[ɛ]	[ɛ̄]	/ɛ̄/	- middellae voorvokaal;
[ɔ̄]	[ɔ̄̄]	/ɔ̄̄/	- middellae agtervokaal;
[ɔ̄̄]	[ɔ̄̄̄]	/ɔ̄̄̄/	- hoë, middellae agtervokaal;
[ø̄̄̄]	[ø̄̄̄̄]	/ø̄̄̄̄/	- middelhoë agtervokaal;
[ø̄̄̄̄]	[ø̄̄̄̄̄]	/ø̄̄̄̄̄/	- hoë, middelhoë agtervokaal.

(a) Die foneem H. /i/

H. [i] (SNS. [i] en SNS. [e]) is 'n hoë voorvokaal en gelyk aan kardinale vokaal (K.V.) 1. (Wat die sogenaamde kardinale vokale betref, vergelyk Van Wyk (1979: 67)). H. [i] verskil nie van SNS. [i] nie. In sommige gevalle word SNS. [e] in Hananwa aangetref as H. [i]. Dit is nie die reël nie, en is by uitsondering aangetref.

Voorbeeld:

H.-/sila/	H.-[sila]	SNS.-[ʃila]	'maal'
H.-/kʰiβilu/	H.-[kʰiβiŋu]	SNS.-[kʰwiβiŋu]	'rooi'
H.-/ipʰina/	H.-[ipʰina]	SNS.-[ipʰina]	'geniet'
H./mokʰwiliri/	H. [muŋkʰwiliri]	SNS. [moŋwelere]	'rooibos-hout'

(b) Die foneem H. /l/

- (i) Die normvariant H. [l] (SNS. [ɛ]) is 'n middelhoë voorvokaal en is hoër op die vokaalkaart geleë as K.V. 2. Dit word geartikuleer met 'n hoër tongstand as wat die geval is met die ooreenstemmende SNS. voakaal. Voorbeeld:

H.-/lɪka/	H.-[lɪka]	SNS.-[lek'a]	'probeer'
H./nəsl/	H. [nəsɪ]	SNS. [nose]	'by'
H.-/lɪma/	H.-[lɪma]	SNS.-[lema]	'ploeg'

- (ii) H. [ɪ] (SNS. [ɛ]) is 'n hoë middelhoë voorvokaal wat tussen K.V. 1 en K.V. 2 geleë is, maar hoër is as SNS. [ɛ]. H. [ɪ] is 'n kombinatoriese allofoon van H. /l/. Dit word in die volgende fonologiese omgewings aangetref: wanneer H. /l/ deur [i], [u], [ɪ] of 'n morfeem waarin [i] latent aanwesig is, in die volgende sillabe van 'n woord gevogt word.

Voorbeeld:

H./lɪɸika/	H. [lɪɸika]	SNS. [leɸwik'a]	'klip'
H./lɪxu/	H. [lɪgu]	SNS. [legu]	'wolk'
H./məsɪpli/	H. [məsɪpli]	SNS. [məsep'ɛli]	'(rond)-loper'
H./morɪb/	H. [morɪb]	SNS. geen vb.	'by die boom'

(c) Die foneem H. /ɛ/

- (i) Die normvariant, H. [ɛ] (SNS. [ɛ]), is 'n middellae voorvokaal en is effens hoër as SNS. [ɛ] wat gelyk is aan K.V. 3.

Voorbeeld:

H.-/rɛka/	H.-[rɛka]	SNS.-[rek'a]	'koop'
H./məɛfɔs/	H. [məɛfɔs]	SNS. [məɛfɔs's]	'maanhaar'

H.-/r ₁ ma/	H.-[r ₁ ma]	SNS.-[rema]	'kap'
------------------------	------------------------	-------------	-------

(ii) H. [ɛ] (SNS. [ɛ]) is 'n hoë middellae voorvokaal en 'n kombinatoriese allofoon van H. /ɛ/. Dit is effens laer as K.V. 2, en is sowel hoër as SNS. [ɛ] as K.V. 3. H. [ɛ] word in die volgende fonologiese omgewings aangetref: wanneer H. /ɛ/ deur [i], [u], [ɪ], [ə], [ɛ] of 'n morfeem waarin [i] latent aanwesig is in die volgende sillabe van 'n woord gevolg word. Voorbeeld:

H. /mɔrɛki/	H. [mɔrɛki]	SNS. [morek'i]	'koper'
H. /pɛu/	H. [pɛu]	SNS. [pɛu]	'saad'
H. /tʃhwenl/	H. [tʃhwenl]	SNS. [tʃhwene]	'bobbejaan'
H.-/rɛqzoləna/	H.-[rɛqzoləna]	SNS.-[ret'olova]	'omdraai'
H. /nefɛb/	H. [nefɛb]	SNS. [navɛb]	'in die veld'
H.-/ɛsɛ {N} tʃha/ ¹⁾	H.-[tsefɛtʃha]	SNS.-[ɛs'ɛfɛtʃha]	'instEEK'

(d) Die foneem H. /a/

H. [a] is, soos in die geval van SNS. [a], 'n lae sentrale vokaal wat geleë is tussen K.V. 4 en K.V. 5:

H.-/ŋaka/	H.-[ŋaka]	SNS.-[ŋak'a]	'soek'
H.-/ɿama/	H.-[ɿama]	SNS.-[vama]	'melk'
H. /ŋwana/	H. [ŋwana]	SNS. [ŋwana]	'kind'

(e) Die foneem H. /ɔ/

(i) Die normvariant, H. [ɔ] (SNS. [ɔ]), is 'n middellae agtervokaal wat hoër is as K.V. 6 en dus ook hoër is as SNS. [ɔ]. Voorbeeld:

H. /phɔplɔfɔplɔ/	H. [phɔplɔfɔplɔ]	SNS. [phooflo]	'wilde dier'
H.-/ɔma/	H.-[ɔma]	SNS.-[ɔma]	'opdroog'
H.-/ɔra/	H.-[ɔra]	SNS.-[ɔra]	'verwarm'

(ii) H. [ø] (SNS. [ɔ]) is 'n kombinatoriese allofoon van H. /ø/. Dit word met 'n hoër tongstand as die ooreenstemmende SNS. voakaal uitgespreek en kan beskryf word as 'n hoë middellae agtervokaal. Die fonologiese voorwaardes waaronder H. [ø] optree, is: wanneer H. /ø/ gevolg word deur [i], [u], [l], [ə], [ɔ] of 'n morfeem waarin [i] latent aanwesig is in die volgende sillabe van 'n woord. [ø] is effens laer geleë as K.V. 7 - dus tussen K.V. 6 en K.V. 7. Vergelyk

H. /Kx ^h ɔʃi/	H. [Kx ^h ɔʃi]	SNS. [Kx ^h ɔʃi]	'kaptein'
H. /sɪɸɔkʰu/	H. [sɪɸɔkʰu]	SNS. [sefɔfu]	'blinde persoon'
H.-/βɔnɪ/	H.-[βɔnɪ]	SNS.-[βɔne]	'het gesien'
H. /Kx ^h ɔmo/	H. [Kx ^h ɔmo]	SNS. [Kx ^h ɔmo]	'bees'
H. /kolɔi/	H. [kolɔi]	SNS. [k'ɔlɔi]	'kar'
H.-/βɔ{N}ɛʃha/	H.-[βɔʃɛʃha]	SNS.-[βɔʃɛʃha]	'wys'

(f) Die foneem H. /ə/

(i) H. [ə] (SNS. [ɔ]), 'n middelhoë agtervokaal, is die normvariantheid van H. /ə/ en is effens hoëras die ooreenstemmende SNS. voakaal en K.V. 7.

H. /lɪsəmɪ/	H. [lɪsəmɪ]	SNS. [lesome]	'tien'
H.-/βəpa/	H.-[βəpa]	SNS.-[βop'a]	'vorm'
H.-/βəlaja/	H.-[βəlaja]	SNS.-[βolaja]	'doodmaak'

(ii) H. [v] (SNS. [ɔ]) is 'n kombinatoriese allofoon van H. /ə/. Dit is 'n hoë middelhoë agtervokaal waarvan die distribusie soos volg is: H. /ə/ realiseer as [v] wanneer /ə/ gevolg word deur [i], [u], [v] of 'n morfeem waarin 'n latente [i] voorkom in die volgende sillabe. Dit is geleë tussen K.V. 7 en K.V. 8, hoëras H. [ə], en hoëras die ooreenstemmende SNS. voakaal:

H. /mməpi/	H. [mməpi]	SNS. [mmop'i]	'skepper'
H. /məkʰumi/	H. [məkʰumi]	SNS. [məbumi]	'ryk persoon'
H. /mərəki/	H. [mərəki]	SNS. [mərok'i]	'kleremaker'
H. /p̩ləb/	H. [p̩ləb]	SNS. [pelob]	'in die hart'

(g) Die foneem H. /u/

H. [u] (SNS. [u]) is 'n hoë agtervokaal en is gelyk aan K.V. 8:

H. /məkʰuɸu/	H. [məkʰuɸu]	SNS. [məkʰuɸu]	'nawel'
H. /mmuɸa/	H. [mmuɸa]	SNS. [mmuɸl'a]	'haas'
H.-/lula/	H.-[lula]	SNS.-[lula]	'gaan sit'

(h) Gefluisterde allofone

Alle Hananwa-vokaalfoneme het, soos ook die geval is met die vokaalfoneme van ander Sothotale, benewens bogenoemde kombinatiese allofone ook 'n aantal gefluisterde posisionele allofone waarvan die voorkoms beskryf word deur Van Wyk (1979: 81-82). Elke nie-gefluisterde vokaal wat in die voorafgaande paragrawe beskryf is, behalwe [ø] en [ʊ] waarvoor geen gefluisterde teenhangers gevind is nie, het gevvolglik 'n gefluisterde teenhanger. Sodanige vokale word foneties aangedui met [.] of [°]. Vergelyk

H. /məkʰumi/	H. [məkʰumi]	'ryk persoon'
H. /sɻtʰarɻ/	H. [sɻtʰarɻ]	'boom'
H. /sɻkʰuɸa/	H. [sɻkʰuɸa]	'bors'
H. /sɻɛpɛ/	H. [sɻɛpɛ]	'byl'
H.-/rɛkile/	H.-[rɛkile]	'het gekoop'
H. /sɻata/	H. [sɻata]	'hand'
H. /məfiaɸɔ/	H. [məfiaɸɔ]	'mal persoon'
H. /mətʃɔ/	H. [mətʃɔ]	'mens'
H. /sɻmumu/	H. [sɻmumu]	'stom persoon'

2.2 HALFVOKAALFONEME

(a) Die foneem H. /ɨ/

Van Wyk (1979) hanteer [ɨ], [w] en [j] as halfvokale. In ooreenstemming met sy bevindinge dat bogenoemde klanke meer vokaliere as konsonantiese eienskappe het, word hulle hier ook as halfvokale beskou.

H. [ɨ] (SNS. [v]) is 'n geasemde halfvokaal wat die tongstand van die daaropvolgende vokaal aanneem. Voorbeelde:

H.-/ħama/	H.-[ħama]	SNS.-[vama]	'melk'
H. /l̩fʂʈa/	H. [l̩fʂʈa]	SNS. [levɛfɬ'a]	'skouer'
H. /kʂhəɸə/	H. [kʂhəɸə]	SNS. [kʂhɔyo]	'hoender'

(b) Die foneem H. /w/

H. [w] (SNS. [w]) is 'n geronde agter halfvokaal. Voorbeelde:

H. /nawa/	H. [nawa]	SNS. [nawa]	'boon'
H.-/wa/	H.-[wa]	SNS.-[wa]	'val'
H.-/βolawa/	H.-[βolawa]	SNS.-[βolawa]	'gedood word'

(c) Die foneem H. /j/

H. [j] (SNS. [j]) is 'n ongeronde voor halfvokaal. Voorbeelde:

H.-/ŋwaja/	H.-[ŋwaja]	SNS.-[ŋwaja]	'krap'
H.-/swaja/	H.-[swaja]	SNS.-[ʂwaja]	'(ore) spits'
H.-/βolaja/	H.-[βolaja]	SNS.-[βolaja]	'doodmaak'
H.-/əjasłpłla/	H.-[əjasłpłla]	SNS.-[oasep'ela]	'hy/sy loop'
H. /l̩fʂhwaⱡ/	H. [l̩fʂhwaⱡ]	SNS. [leʂwaɔ]	'brandmerk'
H.-/dʐija/	H.-[dʐija]	SNS.-[t'ia]	'slaan'

2.3 VOKAALKAARTE

In die bylaag tot hierdie hoofstuk, figure 2.12 en 2.13 (bladsy 60) word twee vokaalkaarte aangebied waarop die ooreenkomsste en verskille tussen die vokale van Hananwa en Standaard Noord-Sotho skematies voorgestel word.

2.4 OPSOMMING : HANANWA VOKAALFONEME EN VARIANTE

Die voorafgaande gegewens in ag genome kan die stand van sake betreffende Hananwa se vokaalfoneme en hulle variante soos volg aangebied word:

<u>Voorvokale:</u>	<u>Agtervokale:</u>
/i/ → [i]	/u/ → [u]
→ [j]	→ [y]
/ɪ/ → [ɪ]	/ə/ → [ə]
→ [ɿ]	→ [ø]
→ [ɪ]	→ [v]
→ [ɿ]	→ [ɸ] - geen voorbeeld is teëgekom nie.
/ɛ/ → [ɛ]	/ɔ/ → [ɔ]
→ [ɸ]	→ [ɒ]
→ [e]	→ [ɑ]
→ [ɛ̄]	→ [ɒ̄] - geen voorbeeld is teëgekom nie.
	/a/ → [a]
	→ [ɑ̄]

Die verhouding van die halfvokale /w/, /j/ en /h/ relatief tot die reeds genoemde vokale word aangedui in figuur 2.12 (bladsy 60).

2.5 PRAKTISE ORTOGRAFIE

Die praktiese ortografie vir die voorstelling van Hananwa-vokale wat in latere hoofstukke gebruik word, is gebaseer op die volgende:

/i/	e	i
/ɪ/	ɛ	e
/ə/	ʊ	ə
/a/	ʌ	a
/ɔ/	ɒ	o
/ə/	ʊ	ə
/u/	ʊ	u

2.6 KONSONANTFONEME

2.6.1 Fonetiese ortografie

In die vorige hoofstuk (par. 1.5.6) is genoem dat die ortografie van die I.P.A. gebruik word vir die voorstelling van fonetiese data. Waar bogenoemde ortografie te kort skiet - hoofsaaklik in die geval van Hananwa se geaffriseerde konsonante - is gebruik

gemaak van 'n benadering soortgelyk aan dié wat deur Van Wyk (1979: 101, 116) gevolg is. Dit behels kortliks die volgende: daar word gebruik gemaak van 'n primêre en 'n sekondêre simbool. Eersgenoemde is 'n fonetiese simbool wat die plosiewe element aandui, terwyl laasgenoemde 'n simbool regs bo van die primêre simbool is wat affriksie aandui. Hierdie sekondêre simbool korreleer altyd met die een of ander simbool vir 'n frikatief. So byvoorbeeld dui die primêre simbool $[q]$ in [q^z] op 'n eksplosief, ongeaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies terwyl [z] op die gepaardgaande mate van friksie dui wat kenmerkend is van geaffriseerde eksplosiewe.

2.6.2 Beskrywing van konsonante

Dieselde beginsels wat uiteengesit is vir die beskrywing van die konsonante van Standaard Noord-Sotho (vergelyk Hoofstuk 1, par. 1.5.2) geld ook vir die beskrywing van die konsonante van Hananwa. Spektrogramme (vergelyk figure 2.1 tot 2.11, bladsy 55 tot 59) van bepaalde Hananwa-konsonante is gemaak ten einde indrukke wat ouditief waargeneem is te bevestig of verkeerd te bewys. Die spektrogramme is geïnterpreteer volgens die metode wat gevolg is deur Kopp (1967) et al in Visible Speech Manual.

2.6.2.1 Die kenmerke "lenis" en "fortis"

Van Wyk (1979: 159) merk tereg op dat artikulasiespanning 'n relatiewe aangeleentheid is. Indien H. [k] en H. [g] met mekaar vergelyk word, moet daar tot die slotsom gekom word dat H. [k] fortis is en H. [g] lenis, wat ooreenkoms met die feit dat laasgenoemde stemhebbend en eersgenoemde stemloos is. Eersgenoemde is pulmonies en dus in vergelyking met SNS. [k'] lenis, aangesien ejektiewe konsonante met meer spanning geartikuleer word as pulmonies-geïnisieerde konsonante. Geen konsonant kan gevolglik per se as lenis of fortis getypeer word nie. Hierdie terme verwys altyd na 'n eienskap van artikulasiespanning as synde in vergelyking met die ooreenstemmende eienskap van 'n klank binne dieselfde klanksisteem of dié van 'n klank binne 'n ander klanksisteem.

Die stelling word gemaak dat die konsonante van Hananwa in vergelyking met dié van Standaard Noord-Sotho oor die algemeen met minder artikulasiespanning geartikuleer word. Die volgende redes word ter stawing aangevoer:

- (a) In Hananwa word sluitklanke baie selde met ejeksie uitgespreek. In gevalle waar ejeksie wel waargeneem is, was dit telkens by dieselfde sprekers maar nogtans absoluut by wyse van uitsondering. Ejeksie kom meer algemeen voor by sprekers van die dialekte waarop Standaard Noord-Sotho gebaseer is. Soos wat reeds genoem is, verg die artikulasie van geëjekteerde konsonante groter artikulasiespanning as pulmoniese konsonante.
- (b) Daar bestaan 'n neiging in Hananwa om sekere (stemlose) ejektiewe sluitklanke van Standaard Noord-Sotho met 'n wisselende mate van stem uit te spreek. Stemlose konsonante word normaalweg gekenmerk deur 'n meerdere mate van artikulasiespanning as in die geval van stemhebbende konsonante.
- (c) Die neiging om sekere konsonante geaffriseerd uit te spreek het te make met 'n aktiewe artikulator wat nie beslis en vinnig genoeg van die passiewe artikulator verwijder word nie. Gevolglik gaan die artikulasie van geaffriseerde konsonante met minder spierspanning gepaard as die artikulasie van nie-geaffriseerde konsonante.
- (d) Die algemene voorkoms van gepalataliseerde konsonante in Hananwa wat affrikate vir teenhangers het in Standaard Noord-Sotho, staan ook in verband met 'n meer ontspanne afloop wat kenmerkend is van die artikulasiewyse in Hananwa.
- (e) In Hananwa kom retrofleksiewe konsonante algemeen voor in plaas van sekere apikoalveolêre konsonante van Standaard Noord-Sotho. Retrofleksie staan ook in verband met minder artikulasiespanning.

2.6.3 Sluitklanke

(a) Die foneem H. /k/

Aangesien [k'] soos hierbo in 2.6.2.1 (a) genoem is, nie 'n ti-piese Hananwa klank is nie, word dit nie as 'n allofoon van H. /k/ aangegee nie.

- (i) Die normvariant, [k]/SNS. [k'], is 'n plosief, ongeaspireer, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Voorbeelde:

H. /θorɔkɔ/	H. [θɔrɔkɔ]	SNS. [θɔrɔk'ɔ]	'vaak'
H. /ŋaka/	H. [ŋaka]	SNS. [ŋak'a]	'dokter'
H. /mɔnako/	H. [mɔnako]	SNS. [mɔzak'ɔ]	'deuropening'

- (ii) [g] is 'n kombinatoriese allofoon van H. /k/. Dit verskil alleenlik van H. [k] in die sin dat dit stemhebbend is. Dit is alleenlik aangetref in homorganiese nasaalverbindings met [t̬] en gevalle waar dit gevolg word deur 'n agtervokaal of /w/. Die hoeveelheid stem waarmee [g] geartikuleer word wissel, en daarom is dit moeilik om telkens met sekerheid 'n uitspraak te lewer of die spraakklink in 'n bepaalde voorbeeld [g] of [k] is.

In ander gevalle kan egter sonder twyfel gesê word dat die klank wel [g] is. Vergelyk in hierdie verband figure 2.1 en 2.2 (bladsy 55).

H.-/kwaɸa/	H.-[gwaɸa]	SNS.-[t̬wafɑ]	'lui wees'
H. /{N}ku/	H. [t̬gu]	SNS. [t̬k'u]	'skaap'
H. /kuɑn]/	H. [guɑn]	SNS. [k'uane]	'hoed'

Daar bestaan rede om te vermoed dat daar tans die een of ander fonologiese proses aan die gang is vir sover dit die stemhebbendheid van Hananwa-spraakklanke aangaan. By meer as een geleenthed is dieselfde konsonant in dieselfde woord deur dieselfde spreker met 'n wisselende mate van stem uitgespreek. So byvoorbeeld is [guɸjana], [ɸuɸjana] en [kuɸjana] 'seekoeitjie' in een sin teëgekom! Laasgenoemde voorbeeld is uitsonderlik, aange-

sien /k/ + /agtervokaal/ normaalweg [g] + /agtervokaal/ tot gevolg het. Dit is nie moontlik om te voorspel in watter rigting bogenoemde fonologiese proses beweeg nie.

(b) Die foneem H. /kh/

H. [kh]/SNS. [h] en SNS. [kh] is 'n plosief, geaspireer, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /mokhumi/	H. [mukhumi]	SNS. [mohumi]	'ryk persoon'
H. /makhura/	H. [makhura]	SNS. [mahura]	'olie'
H.-/khulua/	H.-[khulua]	SNS.-[bulua]	'roer'
H. /mokhuɸu/	H. [mukhufu]	SNS. [mokhuɸu]	'nawel'
H. /khulu/	H. [khulu]	SNS. [khulu]	'skilpad'
H.-/ikhumisa/	H.-[ikhumisa]	SNS.-[ikhumisa]	'self verryk'

(c) Die foneem H. /kxh/

(i) Die normvariant H. [kxh]/SNS. [kxh] is 'n affrikaat, geaspireer, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies.

Voorbeelde:

H. /kxhabə/	H. [kxhabə]	SNS. [kxhabə]	'aap'
H. /kxhanɔ/	H. [kxhanɔ]	SNS. [kxhanɔ]	'ontkenning'
H. /kxhaka/	H. [kxhaka]	SNS. [kxhak'a]	'tarentaal'

(ii) H. [x]/SNS. [kxh] asook SNS. [kh], is 'n fakultatiewe allofoon van H. /kxh/ en 'n groeffrikatif, dorsovelêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Vergelyk

H. /makxhoa/	H. [maxoa]	SNS. [makxhoa]	'blankes'
H.-/tshakxhala/	H.-[tshaxala]	SNS.-[thakxhala]	'bly word'
H. /s[k]xhata/	H. [s[k]xata]	SNS. [sekxhafl'a]	'hef'

[x] wissel reëlmatig met [kxh] behalwe in gevalle waar /kxh/ deur 'n sillabiese nasaal voorafgegaan word. [x] word nooit in laasgenoemde foneemkombinasie aangetref nie.

Vergelyk

H.-/{N} kxh ₁ omodʒa/	*H.-[tʃomodʒa]	'my troos'
H.-/{N} kxhaqza/	*H.-[tʃaqza]	'my trap'

H.-/ {N} k ^x hang _{la} /	*H.-[k ^x hang _{la}]	'my weier'
--	--	------------

(d) Die foneem H. /t̥/

H. [t̥]/SNS. [f̥l̥'] is 'n plosief, ongeaspireer, apikodentaal (interdentaal/dentaal), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /t̥ali/	H. [t̥ali]	SNS. [f̥l̥'ali]	'weerligstraal'
H. /maat̥a/	H. [maat̥a]	SNS. [maaf̥l̥'a]	'krag'
H.-/p̥et̥a/	H.-[p̥et̥a]	SNS.-[p̥ef̥l̥'a]	'skrynwerk doen'

(e) Die foneem H. /t̥ʰ/

H. [t̥ʰ]/SNS. [t̥] en SNS. [f̥l̥ʰ] is 'n plosief, geaspireer, apikodentaal (interdentaal/dentaal), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H.-/t̥haβa/	H.-[t̥haβa]	SNS.-[t̥aβa]	'slag'
H.-/lat̥ha/	H.-[lat̥ha]	SNS.-[lat̥a]	'weggooi'
H. /p̥ot̥haf̥s]/	H. [p̥ot̥haf̥s]	SNS. [p̥ot̥af̥s'e]	'geluk'
H.-/t̥hana/	H.-[t̥hana]	SNS.-[f̥l̥hava]	'vandaankom'
H.-/it̥homp̥ha/	H.-[it̥homp̥ha]	SNS.-[i ^{f̥l̥} homp̥ha]	'self te respekteer'
H.-/ {N} t̥haβa/	H.-[nt̥haβa]	SNS.-[n ^{f̥l̥} haβa]	'my steek'

(f) Die foneem /d̥z/

Hierdie foneem vertoon drie fakultatiewe en een kombinatoriese allofoon:

- (i) Die normvariant, H. [d̥z]/SNS. [t̥'], is 'n geaffriseerde eksplosief, ongeaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Voorbeelde:

H.-/rad̥za/	H.-[rad̥za]	SNS.-[rat̥'a]	'liefhê'
H.-/r̥ad̥za/	H.-[r̥ad̥za]	SNS.-[r̥at̥'a]	'prys'
H. /l̥lad̥za/	H. [l̥lad̥za]	SNS. [lejat̥'a]	'geraas'

- (ii) H. [t^s] is 'n geaffriseerde eksplosief, ongeaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Dit is 'n fakultatiewe allofoon van /d^Z/, maar is minder gebruiklik. Soos in die geval van /k/ hierbo, (vergelyk par. 2.6.3 (a)), is die hoeveelheid stem wat aanwesig is tydens artikulasie, wisselend. Aangesien spektrografiese analyse nie hierdie wisselings in stem duidelik uitwys nie, moet die navorser noodgedwonge sy gehoor as maatstaf vir die mate van stem gebruik. Spektrogramme toon wel die verskil tussen stemlose en stemhebbende konsonante aan, maar kan nie as absolute maatstaf gebruik word om graduële verskille in stem te bepaal nie. Daar kan met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat [t^s] net soos [d^{ZJ}] (vergelyk 2.6.3 (f) (iv) hieronder) gepalataliseerd geartikuleer word wanneer dit deur /j/ gevolg word.
- (iii) H. [d] is 'n eksplosief, ongeaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Dit is by uitsondering en hoofsaaklik by dieselfde informante waargeneem. Ratale het dit deurgaans gebruik in plaas van geaffriseerde [d^Z] of [t^s]. Dit het ook periodiek in die spraak van sommige informante opgedui. Soos in die geval van [t^s] (vergelyk 2.6.3 (f) (ii)) kan met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat [d] gepalataliseerd geartikuleer word wanneer dit deur /j/ gevolg word. Geen voorbeeld hiervan is egter teëgekom nie.
- (iv) H. [d^{ZJ}]/SNS. [f_{J'}] is 'n geaffriseerde, gepalataliseerde eksplosief, ongeaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Dit is 'n kombinatoriese allofoon van /d^Z/ en realiseer as gepalataliseerde [d^{ZJ}] wanneer dit gevolg word deur palatale /j/. Voorbeeld:

H. /mərid ^Z jana/	H. [mərid ^{ZJ} jana] SNS. [mərif _{J'} 'ana]	'bietjie skaduwee'
H. /lɪmad ^Z jana/	H. [lɪmad ^{ZJ} jana] SNS. [lemaf _{J'} 'ana]	'deurtjie'
H. /molld ^Z jana/	H. [molld ^{ZJ} jana] SNS. [molef _{J'} 'ana]	'gaatjie'

Die verskil in die mate van stem tussen [d^Z] en [t^s] word geïll-

lustreer met behulp van spektrogramme in figure 2.3 en 2.4 (bladsy 56).

Die verskil tussen 'n geaffriseerde eksplosief en 'n nie-geaffriseerde eksplosiewe konsonant is duidelik wanneer bogenoemde twee spektrogramme vergelyk word met dié in figuur 2.5, dit wil sê die spektrogram vir [d].

(g) Die foneem H. /t^{sh}/

(i) Die normvariant, H. [t^{sh}]/SNS. [t^h], is 'n geaffriseerde eksplosief, geaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Voorbeelde:

H. /t ^{sh} apelɔ:/	H. [t ^{sh} apelɔ]	SNS. [t ^h apelɔ]	'gebed'
H. /t ^{sh} aβa/	H. [t ^{sh} aβa]	SNS. [t ^h aβa]	'berg'
H.-/t ^{sh} akx ^h ala/	H.-[t ^{sh} axala]	SNS.-[t ^h akx ^h ala]	'bly word'

(ii) H. [t^{sJh}]/SNS. [tʃ^h] is 'n geaffriseerde, gepataliseerde eksplosief, geaspireer, apikopalataal (retrofleks), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Dit is 'n kombinatoriese allofoon van /t^{sh}/ wat realiseer wanneer laasgenoemde gevolg word deur /j/. Slegs een voorbeeld is teëgekom, naamlik:

H. /lirlt ^{sh} jana/	H. [lirlt ^{sJh} jana]	SNS. [liretʃ ^h ana]	'hakskeentjies'
-------------------------------	--------------------------------	--------------------------------	-----------------

(h) Die foneem H. /tʃ/

H. [tʃ]/SNS. [tʃ'] is 'n affrikaat, ongeaspireer, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /lɪtʃwai/	H. [lɪtʃwai]	SNS. [letʃ'wai]	'sout'
H.-/tʃwala/	H.-[tʃwala]	SNS.-[tʃ'wala]	'geboorte skenk'
H.-/tʃlβa/	H.-[tʃlβa]	SNS.-[tʃ'eβa]	'weet'

(i) Die foneem H. /dʒ/

H. [dʒ]/SNS. [fʒ'] en SNS. [βʒ] is 'n affrikaat, ongeaspireer, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Foneemstatus word aan /dʒ/ toegeken hoewel die verspreiding daarvan onvoorspelbaar is. Min voorbeeld van [dʒ] is teëgekom, en geen gevalle waar [dʒ] fakultatief wissel met H. [fʒ] is aange treffen nie. Voorbeeld:

H. /kolodʒwana/	H. [kolodʒwana]	SNS. [kolotʃ'wana]	'varkie'
H. /moʃedʒwana/	H. [moʃedʒwana]	SNS. [moyofʒana]	'poeletjie'
H. /madʒlks/	H. [madʒlks]	SNS. geen teen-hanger	'dowe per-soon'
H. /sldʒisə/	H. [sIdʒisə]	SNS. [sefʒ'iə]	'sterriem'

(j) Die foneem H. /tʂh/

H. [tʂh]/SNS. [tʂh] en SNS. [s] is 'n affrikaat, geaspireer, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /tʂhali/	H. [tʂhali]	SNS. [tʂhali]	'wyfie'
H. /tʂhltə/	H. [tʂhltə]	SNS. [tʂhefɔl'tə]	'heuning-voëltjie'
H.-/tʂhwəna/	H.-[tʂhwəna]	SNS.-[tʂhwəna]	'pla'
H.-/tʂha/	H.-[tʂha]	SNS.-[sa]	'lig word' (met dagbreek)
H.-/tʂhənisa/	H.-[tʂhənisa]	SNS.-[səvija]	'laat lag'
H. /motʂhlnar/	H. [motʂhlnar]	SNS. [mosevare]	'middag'

(k) Die foneem H. /dʒs/

H. [dʒs]/SNS. [fʒ]' + w] is 'n affrikaat, ongeaspireer, laminopalataal-labiodentaal-alveolêr, gedeeltelik stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Slegs drie voorbeeld van hierdie foneem is gevind. Dit is 'n kombinasie van [dʒ], 'n affrikaat, ongeaspireer, laminopalataal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies en [s], 'n fluitfrikatif, labiodentaal-alveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies wat vorentoe (par. 2.6.4 (b) (ii)) bespreek word. /dʒs/ is alleenlik aangetref waar werkwoordstamme met /dʒ/ in die slotsillabe passief afgelei is.

[dʒəs] word met ongeronde lippe uitgespreek – die passiefsuffix word klaarblyklik gerealiseer deur middel van die fluitkwaliteit van [dʒəs]. Aangesien [dʒəs] alleenlik in Ratale se spraak voorgekom het, bestaan daar twyfel oor die foneemstatus van /dʒəs/. Voorbeelde:

H.-/βidʒəsl/	H.-[βidʒəsl]	SNS.-[βitʃ'we]	'word nie geroep nie'
H.-/mɪdʒəsl/	H.-[mɪdʒəsl]	SNS.-[metʃ'we]	'word nie gesluk nie'
H.-/nadʒəsl/	H.-[nadʒəsl]	SNS.-[natʃ'we]	'word nie verag nie'

(l) Die foneem H. /tʃʰ/

H. [tʃʰ]/SNS. [tʃʰ] is 'n affrikaat, geaspireer, laminopalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsyllabies:

H. /sɪtʃʰaβa/	H. [sɪtʃʰaβa]	SNS. [sefʃʰaβa]	'volk'
H.-/tʃʰəsa/	H.-[tʃʰəsa]	SNS.-[tʃʰəsa]	'skrik maak'
H. /tʃʰukulu/	H. [tʃʰukulu]	SNS. [tʃʰuk'ułu]	'renoster'

(m) Die foneem H. /dʒ/

/dʒ/ word met 'n wisselende mate van stem uitgespreek. In sommige gevalle – vergelyk (i) hieronder – is dit stemhebbend; spektrografiese analise het dit bevestig (vergelyk figure 2.6 en 2.7 (bladsy 57). In ander gevalle word dit as gedeeltelik stemhebbend en in ander as stemloos waargeneem.

(i) Die normvariant, H. [dʒ]/SNS. [tʃ'] is 'n affrikaat, ongeaspireer, laminopalataal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsyllabies, soos in:

H. /lɪdʒadʒi/	H. [lɪdʒadʒi]	SNS. [lefʃ'atʃ'i]	'dag'
H.-/βidʒa/	H.-[βidʒa]	SNS.-[βitʃ'a]	'roep'
H.-/βɪdʒa/	H.-[βɪdʒa]	SNS.-[βetʃ'a]	'(klip) gooi'

Behalwe [dʒ], kom 'n fakultatiewe allofoon (sien (ii) hieronder) ook voor:

- (ii) H. [fɔ]/SNS. [fɔ'] asook SNS. [fɔ] is 'n affrikaat, ongeaspireer, laminopalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H.-/rumadʒa/	H.-[rumafja]	SNS. geen teen-hanger	'(vuur) aansteek'
H.-/fəlalidʒɛ/	H.-[fəlalifjɛ]	SNS.-[fəlalifj'ɛ]	'het gemors'

[fɔ] wissel fakultatief (selfs binne die spraak van dieselfde spreker) met [dʒ], maar kom baie beperk voor.

- (n) Die foneem H. /p/

- (i) Die normvariant, H. [p]/SNS. [p'] is 'n eksplosief, ongeaspireer, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H.-/dʒɔpa/	H.-[dʒɔpa]	SNS.-[t'ɔp'a]	'optel'
H.-/ɸɛpa/	H.-[ɸɛpa]	SNS.-[fɛp'a]	'voed'
H.-/ʃapara/	H.-[ʃapara]	SNS.-[ap'ara]	'aantrek'

- (ii) Die foon, H. [p'], wat as 'n fakultatiewe allofoon van H. /p/ funksioneer, is slegs tweekeer teëgekom en in albei gevalle in die spraak van Uria Maputla van wie daar melding gemaak is in Hoofstuk 1 (vergelyk par. 1.4). Aangesien glottale inisiasie nie 'n tipiese kenmerk van die sluitklanke van Hananwa is nie, behoort [p'] nie as 'n tipiese Hananwaklank gereken te word nie. Voorbeeld word ter wille van volledigheid aangehaal. [p'] is 'n eksplosief, ongeaspireer, bilabiaal, stemloos, glottismeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H.-/tʰapa/	H.-[tʰap'a]	SNS.-[tap'a]	'(hande) was'
H. /slepɛ/	H. [slep'ɛ]	SNS. [seləp'ɛ]	'byl'

- (iii) H. [p']/SNS. [ɸs' + w] en SNS. [p'] is 'n gepalataliseerde eksplosief, ongeaspireer, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H. /sld ^J epjana/	H. [sld ^J ep ^J jana]	SNS. [set ^J 'o ^{fs} 'wana]	'lykie'
H. /βel ^J pjana/	H. [βel ^J p ^J jana]	SNS. [βolep ^J 'ana]	'spinnekraakkie'
H. /l ^J mipjana/	H. [l ^J Imp ^J jana]	SNS. [lemif ^s 'wana]	'netvetjies'
H. /marapjana/	H. [marap ^J jana]	SNS. [mara ^f s'wana]	'beentjies'
H. /l ^J haapjana/	H. [l ^J haap ^J jana]	SNS. [levaf ^s 'wana]	'waatlemoentjie'
H. /f ^J empjana/	H. [f ^J emp ^J jana]	SNS. [venf ^s 'wana]	'hempie'

[p^J] kom alleen voor in fonologiese omgewings waarin dit gevolg word deur /j/.

- (iv) H. /p/ word soms gerealiseer as [p^J], 'n eksplosief, ongeaspireer, bilabiaal-lamino-palataal (geaffriseer), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H. /l ^J mipjana/	H. [l ^J Imp ^J jana]	SNS. [lemif ^s 'wana]	'bietjie netvetjies'
H. /{N}pja/	H. [mp ^J ja]	SNS. [mp ^J 'a]	'hond'
H. /s ^J epjana/	H. [s ^J ep ^J jana]	SNS. [selef ^s 'wana]	'byltjie'

[p^J] is 'n kombinatoriese allofoon van /p/ wat fakultatief wissel met [p^J]. [p^J] kom egter minder voor as [p^J]. Die spektrogramme in figure 2.8 en 2.9 (bladsy 58) illustreer die verskil tussen geaffriseerde [p^J] en gepalataliseerde [p^J].

(o) Die foneem H. /ph/

- (i) Die normvariant, H. [ph^h]/SNS. [ph^h] en SNS. [psh^h] is 'n eksplosief, geaspireer, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H. /pha ^χ a/	H. [pha ^χ a]	SNS. [phaf ^χ 'a]	'voorkop'
H.-/t ^h omp ^h a/	H.-[t ^h omp ^h a]	SNS.-[t ^h omp ^h a]	'respekteer'
H. /ph ^h p ^h /	H. [ph ^h p ^h]	SNS. [pheph ^h]	'voeding'
H. /mphik ^χ la/	H. [mp ^h hik ^χ la]	SNS. [mp ^h shik ^χ 'la]	'verkoue'
H. /phij ^χ /	H. [phij ^χ]	SNS. [pshio ^χ]	'nier'
H.-/ip ^h ina/	H.-[ip ^h ina]	SNS.-[ip ^h shina]	'geniet'

(ii) H. [p^jh]/SNS. [p^jh] en SNS. [ɛs' + w] is 'n gepalataliseerde eksplosief, geaspireer, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H. /ɛsh ^ɛ phjana/	H. [ɛsh ^ɛ p ^j hjana]	SNS. [ɛsh ^ɛ p ^j hana]	'springbokkie'
H.-/p ^h ap ^h ja/	H.-[p ^h ap ^h ja]	SNS.-[p ^h ap ^h a]	'word gekap'

[p^jh] is 'n kombinatoriese allofoon van /p^h/ en realiseer as [p^jh] wanneer /p^h/ deur /j/ gevvolg word.

(iii) H. [p^jh] wissel soms fakultatief met [p^hh], 'n eksplosief, geaspireer, bilabiaal-lamino-palataal (geaffriseerd), stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies, soos in:

H. /ɛsh ^ɛ phjana/	H. [ɛsh ^ɛ p ^j hjana]	SNS. [ɛsh ^ɛ p ^h hana]	'springbok'
H.-/p ^h hata/	H.-[p ^h hata]	SNS.-[p ^h haɛl'a]	'stukkend breek'

[p^jh] is minder gebruiklik as [p^hh]. Dit kom in dieselfde fonologiese omgewings voor as laasgenoemde foon.

(p) Die foneem H. /p^jh/

H. [p^jh]/SNS. [p^jh] is 'n affrikaat, geaspireer, bilabiaal-palataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Vergelyk:

H.-/p ^j hata/	H.-[p ^j hata]	SNS.-[p ^j haɛl'a]	'stukkend breek'
H.-/p ^j hile/	H.-[p ^j hile]	SNS.-[p ^j hile]	'het opgedroog'

Soos reeds hierbo in paragraaf 2.6.3 (o) (iii) genoem, kan /p^jh/ in die geval van -/p^jhata/ as geaffriseerde [p^jh] geartikuleer word. Die fonologiese omgewing waarin [p^jh] voorkom, is egter reeds in (o) hierbo beskryf en die voorkoms van [p^jh] in -pyhata kan slegs as uitsonderlik beskou word. [p^jh] word nooit in die fonologiese omgewings aangetref wat vir [p^jh] in (o) (ii) hierbo beskryf is nie. Gevolglik word [p^jh] as 'n allofoon van /p^h/, en [p^jh] as verteenwoordigend van /p^jh/ beskou. /p^jh/ word vermoedelik in die geval van -/p^jhata/ as [p^jh] uitgespreek ha analogie van die relatiewe groot aantal Hananwa-klanke wat gepalataliseerd geartikuleer word.

2.6.4 Vernouingsklanke

(a) Die foon H. [x]

H. [x] is 'n fakultatiewe allofoon van H. /Kxh/. Dit is reeds behandel in paragraaf 2.6.3 (c).

(b) Die foneem H. /s/

Die sibilante [s], [ʃ] en [ʂ] (vgl. Van Wyk (1979: 104)) van Hananwa kan tans nie op 'n ondubbelsoinnige wyse as behorende tot 'n bepaalde foneem geïdentifiseer word nie. Die rede hiervoor is die skynbare afwesigheid van 'n duidelike fonologiese reël deur middel waarvan die foneemsisteem beskryf kan word. Die probleem is daarin gesetel dat SNS. [s] in een geval as H. [tʃh] aangetref word (vergelyk paragraaf 2.6.3 (j)), in 'n ander weer as H. [ʃ] (vergelyk paragraaf 2.6.4 (c)) en in nog 'n ander as H. [s]. Die volgende voorbeeld word aangehaal ter stawing van die genoemde toedrag van sake:

SNS.-[ʃiʃimija] = H.-[ʃisimisa] 'laat sidder'

SNS. [Kx^hɔʃi] + -[ana] → [Kx^hɔʃana] 'koninkie', terwyl
 H. [Kx^hɔsi] + -[ana] → [Kx^hɔsana]/[Kx^hɔʃana] 'koninkie'

SNS.-[phas]- + -[ile_ɛ] → -[phasifʃ'ɛ] 'het geoffer', terwyl
 H.-[phas]- + -[ile_ɛ] → -[phajidʒɛ] 'het geoffer'

(i) H. [s]/SNS. [ʃ] en SNS. [s] is 'n groeffrikatief, apikoalveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /məsʃla/	H. [məʃla]	SNS. [mosela]	'stert'
H. /nəsʃ/	H. [nəʃ]	SNS. [nose]	'by'
H. /lɪsʃja/	H. [lɪsʃja]	SNS. [lesea]	'suigeling'
H.-/lisa/	H.-[iʃa]	SNS.-[iʃa]	'oppas'

(ii) H. [s] gevvolg deur [w] realiseer soms as H. [s]/SNS. [s + w]. [s] is 'n fluitfrikatief, labiodentaal-alveolêr, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Dit kom voor asof die fluitfrikatief gevorm word wanneer [s + w] lenis

geartikuleer word. Daar kan egter nie met absolute sekerheid verklaar word dat [s] en [sw] vryelik wissel nie, hoewel die volgende voorbeeld op so 'n wisseling dui:

H. / <i>βoswa</i> /	H. [<i>βoswa</i>]/ [masa]	SNS. [<i>βoswa</i>]	'pap'
H. / <i>maswana</i> /	H. [<i>maswana</i>]/ [masi]	SNS. [<i>maswi</i>]	'melk'
H. / <i>likhuswanj</i> /	H. [<i>likhuswanj</i>]/ [<i>likhusajana</i>]	SNS. [<i>likhuswane</i>]	'kleinvee'

[s] kom ook voor in Venda, 'n nie-Sotho-taal waarmee Hananwa in die verlede in aanraking was. Dit is moontlik dat [s] as 'n a-tipiese foon in die fonologiese sisteem van Hananwa opgeneem is. Vergelyk byvoorbeeld Venda [masi] 'melkagtige vloeistof'.

(c) Die foneem H. /ʃ/

H. [ʃ]/SNS. [h] en SNS. [ʃ] is 'n groeffrikatief, laminopalataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Vergelyk

H. /lʃu/	H. [lʃu]	SNS. [lehu]	'die dood'
H. /lʃplu/	H. [lʃplu]	SNS. [lebɔʃu]	'dief'
H. /moʃɛb/	H. [moʃɛb]	SNS. [moʃɛb]	'in die omgewing van die werf'
H.-/ʃəma/	H.-[ʃəma]	SNS.-[ʃoma]	'werk'
H. /lʃadzə/	H. [lʃadzə]	SNS. [leʃat'a]	'geraas'
H.-/ʃidzə/	H.-[ʃidzə]	SNS.-[ʃit'a]	'baasraak'

(d) Die foneem H. /z/

H. /z/ word gerealiseer in die kombinasie [z + w], die teenhanger van SNS. [tʃ' + w]. [z] is 'n gelabiliseerde groeffrikatief, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Aangesien slegs een voorbeeld van [z + w] gevind is, bestaan daar twyfel oor die geldigheid van die postulering van H. /z/. Dit word nogtans ter wille van volledigheid aangehaal:

H. /lzwa/	H. [lizwa]	SNS. [lefɔz'wa]	'riem'
-----------	------------	-----------------	--------

(e) Die foneem H. /β/

- (i) Die normvariant, H. [β]/SNS. [β], is 'n spleetfrikatief, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Vergelyk

H.-/βala/	H.-[βala]	SNS.-[βala]	'tel'
H. /βat ^{sho} /	H. [βat ^{sho}]	SNS. [βatho]	'mense'
H.-/t ^h apa/	H.-[t ^h apa]	SNS.-[t ^h apa]	'slag'

Wanneer 'n vergelyking tussen Hananwa en Standaard Noord-Sotho getref word, blyk dit dat H. /ɸ/ in sommige gevalle optree waar SNS. /β/ normaalweg gevind word. In Hananwa is daar egter geen sprake van 'n reëlgebonden wisseling tussen H. /β/ en /ɸ/ nie. Vergelykbare voorbeeld van gevalle waar H. [ɸ] optree as teenhanger van SNS. [β] word aangehaal in paraagraaf 2.6.4 (f).

[b], 'n eksplosief, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies, is ook in een uitsonderlike geval teëgekom, maar die woord waarin dit voorkom is na alle waarskynlikheid 'n leenwoord. Een voorbeeld van [v], 'n groeffrikatief, labiodentaal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies, is ook teëgekom. 'n Voorbeeld is ook gevind waarin H. [β] plaasvervangend vir SNS. [p'] optree. Die volgende voorbeeld dien as illustrasie van bovenoemde opmerkings:

H. /mbua/	H. [mbua]	SNS. geen teen- hanger	'suigeling'
H.-/βua/	H.-[vua]	SNS.-[βua]	'slag'
H.-/p ^h ula/	H.-[βIβula]	SNS.-[p'ep'ula]	'abba'

- (ii) H. [β^J]/SNS. [f₃], is 'n gepalataliseerde spleetfrikatief, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, sentraal, onsillabies. Voorbeeld:

H. /βja ^J /	H. [β ^J ja ^J]	SNS. [f ₃ a ^J]	'gras'
H. /βjalwa/	H. [β ^J jalwa]	SNS. [f ₃ alwa]	'bier'
H.-/βjala/	H.-[β ^J jala]	SNS.-[f ₃ ala]	'plant'
H.-/ts ^l βja/	H.-[ts ^l β ^J ja]	SNS.-[ts'e ^f za]	'geken word'

H.-/søβja/	H.-[søβ̥ja]	SNS.-[søfʒa]	'geknyp word'
H. /køβjana/	H. [køβ̥jana]	SNS. [k'ɔfʒana]	'kombersie'

[β̥] is 'n kombinatoriese allofoon van H. /β/ wat realiseer wanneer /β/ gevvolg word deur /j/.

(f) Die foneem H. /ɸ/

- (i) Die normvariant, H. [ɸ]/SNS. [f], is 'n spleetfrikatief, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H.-/ɸəɸa/	H.-[ɸəɸa]	SNS.-[fofa]	'vlieg'
H.-/raɸa/	H.-[raɸa]	SNS.-[rafa]	'(heuning) uithaal'
H.-/ɸa/	H.-[ɸa]	SNS.-[fa]	'gee'

Die volgende is voorbeeld van gevalle waar H. [ɸ] die teenhanger van SNS. [β] is:

H. /møkʰuɸu/	H. [møkʰuɸu]	SNS. [møkʰuβu]	'naweltjie'
H. /sɪkʰuɸa/	H. [sɪkʰuɸa]	SNS. [sehuβa]	'bors'
H.-/ɸɛsa/	H.-[ɸɛsa]	SNS.-[βɛsa]	'braai'

(In Hananwa kom -[ɸɛsa] ook voor as -[βɛsa].)

- (ii) H. [ɸ̥]/SNS. [f̥], SNS. [s + w], is 'n gepalataliseerde, spleetfrikatief, bilabiaal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H.-/ɸjɛha/	H.-[ɸ̥jɛha]	SNS.-[f̥jɛva]	'vrees'
H.-/βɔɸja/	H.-[βɔɸ̥ja]	SNS.-[βɔf̥ja]	'vasgebind word'
H. /mphɑɸjana/	H. [mphɑɸ̥jana]	SNS. [mphaf̥jana]	'bietjie buffelsgras'
H. /møraɸjana/	H. [møraɸ̥jana]	SNS. [møraf̥jana]	'stammetjie'
H. /lɪɸɛɸjana/	H. [lɪɸɛɸ̥jana]	SNS. [leyoɸ̥wana]	'handpalm-pie'

[ɸ̥] kom alleenlik voor in gevalle waar dit gevvolg word deur /j/.

- (iii) /ɸ/ word soms gerealiseer as [ɸ̥], 'n gepalataliseerde, spleetfrikatief, bilabiaal-laminopalataal, stemloos,

longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H. /p ^h lΦjana/	H. [p ^h lΦʃ'jana]	SNS. [p ^h eΦjana]	'windjie'
H. /d ^z lΦjana/	H. [d ^z lΦʃ'jana]	SNS. [t'efjana]	'lae prys'
H. /k ^χ hΦΦjana/	H. [k ^χ hΦΦʃ'jana]	SNS. [k ^χ hofjana]	'bosluisie'

Soos in die geval van [Φʃ] is die voorkoms van [Φʃʃ] voor-spelbaar. Dit kom slegs voor wanneer dit gevolg word deur /j/.

- (iv) H. /Φ/ is in 'n uitsonderlike geval waargeneem as [Φʃ], 'n kombinasie van 'n spleet- en 'n groeffrikatif, bilabiaal-palataal, stemloos, longmeganisme, sentraal, onsillabies:

H.-/Φjɛʃa/	H.-[Φʃ]ɛʃa]	SNS.-[f]ɛva]	'vrees'
------------	-------------	--------------	---------

Die moontlikheid bestaan dat [Φʃ] in die spraak van meer sprekers voorkom en dat dit fakultatief wissel met [Φʃʃ] en [Φʃʃʃ].

(g) Die koepelfoneem {N}

Die oppervlakte realisasie van sommige nasale is voorspelbaar vanuit die fonologiese omgewing, terwyl die oppervlakte realisasie van ander nasale onvoorspelbaar is. Voorspelbare nasale vertoon altyd die eienskap [+sillabies], terwyl daar sillabiese en onsillabiese konsonante voorkom onder die onvoorspelbare nasale. Beide groepe nasale word op die fonologiesevlak aan foneme gekoppel. In hierdie verhandeling word voorspelbare nasale gekoppel aan 'n abstrakte foneem {N} terwyl onvoorspelbare nasale as foneme gesien word soos in die geval van ander foneme. In aansluiting by Harris (1951: 225) soos aangehaal en uiteengesit in Hyman (1975: 79) word na {N} verwys as 'n "koepelfoneem"²⁾ (in plaas van wat Hyman 'n "morphophoneme" noem). Met "koepelfoneem" word verwys na 'n fonemiese abstraksie wat die volgende kenmerke besit: resonant, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies, dit wil sê 'n nasaal wat behalwe vir die plek van artikulasie, ten volle beskryf word. Die vorm wat allofone van {N} aanneem word bepaal deur die fonologiese omgewing waarin dit gebruik word. {N} kom naamlik altyd in homorganiese nasaalverbindings voor. Fonetiese realisasies

daarvan het gevvolglik dieselfde artikulasiepunt as die konsonant wat daarop volg en is kombinatoriese allofone van {N}.

In gevalle van sillabiese nasale waarvan die oppervlakte realisasië ooreenstem met die onderliggende vorm, word sodanige nasale nie beskou as allofone van {N} nie, aangesien die artikulasiepunt daarvan in die oppervlakte realisasie streng gesproke nie deur die fonologiese omgewing bepaal word nie. Nasale van hierdie tipe word in dieselfde lig gesien as ander foneme. Enkele voorbeeld van hierdie tipe sillabiese nasale word ter illustrasie aangehaal. Vergelyk sillabiese /m/ en /n/ in die volgende:

H.-/mm ^ŋ na/	H.-[mm ^ŋ na]	SNS.-[mm ^ŋ na]	'hom sien'
H. /mmala/	H. [mmala]	SNS. [mmala]	'kleur'
H. /nna/	H. [nna]	SNS. [nna]	'ek'
H. /mønna/	H. [mønna]	SNS. [monna]	'man'

Die fonetiese realisasies van {N} is:

- (i) H. [n]/SNS. [n], is 'n resonant, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies. Voorbeeld:

H. /{N} tʃha/	H. [ntʃha]	SNS. [ntʃha]	'duikerram'
---------------	------------	--------------	-------------

[n], is 'n kombinatoriese allofoon van {N} aangesien die verspreiding daarvan voorspelbaar is. [n] realiseer as allofoon van {N} wanneer {N} in homorganiese nasaalverbinding met apikoalveolêre konsonante gebruik word.

- (ii) H. [ɲ]/SNS. [ɲ] is 'n resonant, laminopalataal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies:

H.-/p ^j {N} tʃha/	H.-[p ^j n tʃha]	SNS.-[p ^j n tʃha]	'wys'
H.-/tʃs ^j {N} tʃha/	H.-[tʃs ^j n tʃha]	SNS.-[tʃs ^j n tʃha]	'instEEK'
H.-/t ^h aka{N} tʃha/	H.-[t ^h akaŋtʃha]	SNS.-[t ^h akaŋtʃha]	'meng'

[ɲ] is 'n kombinatoriese allofoon van {N} aangesien die verspreiding daarvan voorspelbaar is. Dit kom slegs voor wanneer {N} in 'n homorganiese nasaalverbinding met 'n laminopalatale konsonant gebruik word.

- (iii) H. [ɸ]/SNS. [n̩] is 'n resonant, apikodentaal (interden-taal), stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies, soos in:

H.-/{N} $\chi^{\text{h}}\text{a}\beta\text{a}$ /	H.-[ɸ $\chi^{\text{h}}\text{a}\beta\text{a}$]	SNS.-[n̩l $\chi^{\text{h}}\text{a}\beta\text{a}$]	'my steek'
H.-/{N} $\chi^{\text{h}}\text{al}\text{l}\phi\text{isa}$ /	H.-[ɸ $\chi^{\text{h}}\text{al}\text{l}\phi\text{isa}$]	SNS.-[n̩l $\chi^{\text{h}}\text{alef}\text{ifi}\text{a}$]	'my slim laat word'
H. /li{N}t $\ddot{\text{o}}$ /	H. [li $\chi^{\text{h}}\text{t}\ddot{\text{o}}$]	SNS. [li $\chi^{\text{h}}\text{l}'\text{o}$]	'huise'

[ɸ̩], 'n kombinatoriese allofoon van {N}, realiseer wanneer {N} voorkom in 'n homorganiese nasaalverbinding met 'n apikodentale konsonant.

- (iv) H. [ɳ]/SNS. [n̩], is 'n resonant, apikopalataal (retrofleks), stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies:

H. /{N}d $\ddot{\text{z}}$ a/	H. [h $\ddot{\text{d}}\text{z}$ a]	SNS. [n̩'a]	'luis'
H. /{N}t $\ddot{\text{sh}}$ $\ddot{\text{o}}$ /	H. [h $\ddot{\text{t}}\text{sh}$ $\ddot{\text{o}}$]	SNS. [n̩ $\ddot{\text{t}}\text{h}$ $\ddot{\text{o}}$]	'wond'
H.-/{N}d $\ddot{\text{z}}$ l $\text{s}\ddot{\text{e}}$ /	H.-[h $\ddot{\text{d}}\text{z}$ l $\text{s}\ddot{\text{e}}$]	SNS.-[n̩'e $\text{s}\ddot{\text{e}}$]	'my laat staan'

[ɳ̩], 'n kombinatoriese allofoon van {N}, realiseer wanneer {N} gebruik word in 'n homorganiese nasaalverbinding met 'n apikopalatale konsonant.

- (v) H. [χ̩]/SNS. [χ̩] is 'n resonant, dorsovelêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies. Vergelyk:

H. /{N}ku/	H. [χ̩gu]	SNS. [χ̩k'u]	'skaap'
H.-/{N}k $\ddot{\text{e}}$ p $\ddot{\text{e}}$ la/	H. [χ̩g $\ddot{\text{e}}$ p $\ddot{\text{e}}$ la]	SNS.-[χ̩k' $\ddot{\text{e}}$ p' $\ddot{\text{e}}$ la]	'vir my grawe'
H.-/{N}k $\ddot{\text{e}}$ d $\ddot{\text{z}}$ $\ddot{\text{e}}$ la/	H. [χ̩g $\ddot{\text{e}}$ d $\ddot{\text{z}}$ $\ddot{\text{e}}$ la]	SNS.-[χ̩k' $\ddot{\text{e}}$ t' $\ddot{\text{e}}$ la]	'vir my kuier'

Sillabiese [χ̩] is 'n kombinatoriese allofoon van {N} aangesien die voorkoms daarvan voor spelbaar is. {N} realiseer as [χ̩] wanneer {N} in 'n homorganiese nasaal-verbinding met 'n dorsovelêre konsonant gebruik word.

- (vi) H. [χ̩]/SNS. [χ̩] is 'n resonant, mediopalataal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies. Vergelyk

H.-/{N}laka/	H.-[χ̩laka]	SNS.-[χ̩nak'a]	'my soek'
--------------	-------------	----------------	-----------

Sillabiese [ʃ] is 'n kombinatoriese allofoon van {N} omdat die voorkoms daarvan voorspelbaar is. {N} realiseer as [ʃ] wanneer {N} in 'n homorganiese nasaalverbinding met 'n mediopalatale konsonant gebruik word.

- (vii) H. [m]/SNS. [m] is 'n resonant, bilabiaal, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies. Vergelyk:

H.-/{N} p _p na/	H.-[mp _p na]	SNS.-[mpona]	'my sien'
----------------------------	-------------------------	--------------	-----------

Sillabiese [m] is 'n kombinatoriese allofoon van {N} omdat die verspreiding daarvan voorspelbaar is. {N} realiseer as [m] wanneer {N} in 'n homorganiese nasaalverbinding met 'n bilabiale konsonant gebruik word.

- (h) Die foneem H. /n/

Die normvariant, H. [n]/SNS. [n], is 'n resonant, apikoalveolêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies en onsillabies:

H. /ŋwana/	H. [ŋwana]	SNS. [ŋwana]	'kind'
H.-/θ _n na/	H.-[θ _n na]	SNS.-[θ _n na]	'sien'
H.-/t̪s _n na/	H.-[t̪s _n na]	SNS.-[t̪s'əna]	'ingaan'
H. /nna/	H. [nna]	SNS. [nna]	'ek'

- (i) Die foneem H. /ŋ/

H. [ŋ]/SNS. [ŋ] is 'n resonant, dorsovelêr, stemhebbend, longmeganisme, nasaal, sillabies en onsillabies:

H. /ma ^h ?/	H. [ma ^h]?	SNS. [ma ^h]?	'wie'?
H. /{N} t̪ ^h ø/	H. [nt̪ ^h ø]	SNS. [nt̪l'ø ^h]	'in die huis'
H. /mp ^h ɛ ^h /	H. [mp ^h ɛ ^h]	SNS. [mp ^h ɛ ^h]	'bylsteel'
H. /ŋwana/	H. [ŋwana]	SNS. [ŋwana]	'kind'

- (j) Die foneem H. /n̩/

